# ‘n Maatskaplikewerk-ondersoek na die noodsaaklikheid van ‘n bewusmakingsprogram vir adolessente rakende seksuele misbruik


***Melanie Meyer***

BA(MW)


Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes

vir die graad

**MAGISTER**

In

**MAATSKAPLIKE WERK (FORENSIESE PRAKTYK)**

in die

**FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE**

aan die

**NOORDWES-UNIVERSITEIT**
**(POTCHEFSTROOMKAMPUS)**

Studieleier: Dr. C. Strydom

Potchefstroom

Mei 2011

**Dankbetuigings**

Besondere dankbaarheid is verskuldig aan die volgende persone vir hul bydrae en ondersteuning tydens die voltooiing van my studies, sonder wie se insette en bydraes die studie nie moontlik sou gewees het nie:

- My Hemelse Vader wat my die geleentheid gebied het.
- My ouers vir die geleentheid wat hulle my gebied het om te kon studeer en aan my toekoms te bou, en vir al die ondersteuning en motivering tydens my studies.
- Christelik-Maatskaplike Raad Germiston en personeel vir al die ondersteuning en belangstelling.
- My man, Nico, baie dankie vir die ondersteuning en motivering.
- Dr C Strydom, my studieleier vir die voortdurende bystand, leiding en geduld tydens die voltooiing van my studies.
- Hoërskool Goudrif en Dawnview High School vir jul deelname in die studie.
- Al die respondente wat deelgeneem het aan die studie.

## OPSOMMING

**TITEL:** 'n Maatskaplikewerk-ondersoek na die noodsaaklikheid van 'n bewusmakingsprogram vir adolessente rakende seksuele misbruik.

**SLEUTELTERME: Bewusmakingsprogram, adolessente, seksuele misbruik**

Adolessente loop 'n hoë risiko om slagoffers van seksuele misbruik te word. Seksuele misbruik het 'n merkwaardige impak op adolessente. Tesame met die hoë eise wat die stormagtige adolessensieperiode aan 'n persoon stel is vroeë intervensie veral noodsaaklik. Dit word geredelik aanvaar dat vroeë intervensie ernstige versteurings in volwassensheid mag verhoed. Adolessente kom egter oor die algemeen nie vanself na vore vir die nodige hulpverlening nie.

Die doel van die ondersoek was om ondersoek in te stel na die noodsaaklikheid van 'n bewusmakingsprogram vir adolessente rakende seksuele misbruik. Die doel was verder om aanbevelings aan die hand te doen vir die ontwerp van 'n effektiewe bewusmakingsprogram.

Die navorsing het 'n gekombineerde kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering gevolg. 214 adolessente en 10 onderwysers van twee hoërskole is by die ondersoek betrek. Albei groepe deelnemers het vraelyste voltooi. Adolessente het kwantitatiewe vraelyste voltooi terwyl onderwysers 'n kwalitatiewe skedule voltooi het. Uit laasgenoemde is verskeie temas geïdentifiseer en bespreek. Die studie was verkennend sowel as beskrywend van aard.

Dit is vanuit die bevindings duidelik dat daar die noodsaaklikheid bestaan van 'n bewusmakingsprogram aan adolessente rakende seksuele misbruik. Aanbevelings rakende die inhoud en ontwerp van so 'n program is vanuit die studie gedoen.

## SUMMARY

**TITLE:** A social work enquiry into the necessity of an awareness program for adolescents concerning sexual abuse.

**KEY TERMS: Awareness program, adolescents, sexual abuse**

Adolescents are at high risk of becoming victims of sexual abuse. Sexual abuse has a remarkable impact on adolescents. Together with the high expectations that this stormy adolescent period places on a person, early intervention is especially important. It is readily accepted that early intervention may prevent serious disturbances in adulthood. Although, adolescents in general are not prone to getting help.

The purpose of the research was to investigate the necessity of an awareness program for adolescents concerning sexual abuse. The purpose was further to make recommendations on the development of an effective awareness program.

The research followed a combined quantitative and qualitative approach. 214 adolescents and 10 teachers from two high schools were involved in the investigation. Both groups of participants completed questionnaires. Adolescents completed quantitative questionnaires while teachers completed a qualitative schedule. Various themes were identified from the teacher's questionnaires and discussed. The study was explorative as well as descriptive in nature.

The findings indicated a clear necessity for an awareness program for adolescents concerning sexual abuse. Recommendations on the development of such a program arose from the study.

## VOORWOORD

Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê in ooreenstemming met Reëls A.7.2.3 soos vervat in die Jaarboek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus, 2010). Die artikel voldoen aan die vereistes soos gestel deur Social Work / Maatskaplike Werk (Kyk p. v).

Hierdie artikel tel 50% van die totale program.

## VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Die tydskrif *Maatskaplike Werk/Social Work* se vereistes het as basis gedien ter formulering van hierdie artikel.

Hierdie tydskrif publiseer artikels, besprekings asook kommentaar op ander artikels wat verband hou met die vakgroep Maatskaplike Werk. Ander dissiplines se artikels wat relevant is, word ook daarin geplaas. Engelse sowel as Afrikaanse artikels word aanvaar, maar Afrikaanse artikels moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming. Alle artikels word dan krities maar vertroulik deur minstens twee keurders beoordeel. Indien daar drastiese veranderinge aan die artikel aangebring moet word, sal dit aan die outeurs teruggestuur word. 'n Disket sowel as 'n duidelike kopie van die artikel moet ingestuur word, waar die artikel slegs op een kant van die bladsy en in dubbelspasiëring getik is. Die Havard-stelsel moet gebruik word vir verwysings. Alle verwysings/aanhalings moet met die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommers tussen hakkies, in die teks verskyn. Verder word die bronne alfabeties volgens die outeurs se vanne in die bronnelys aangebring.

## INHOUDSOPGAWE


DANKBETUIGINGS ........ i

OPSOMMING ........ ii

SUMMARY ........ iii

VOORWOORD ........ iv

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS ........ v

1. INLEIDING ........ 1

2. PROBLEEMSTELLING ........ 1

3. DOELSTELLING EN DOELWITTE ........ 4

4. SENTRALE TEORETIESE STELLING ........ 5

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE ........ 5

5.1 Literatuurstudie ........ 5

5.2 Empiriese ondersoek ........ 6

5.2.1 Navorsingsbenadering ........ 5

5.2.2 Navorsingsoogmerke ........ 7

5.2.3 Deelnemers ........ 7

5.2.4 Meetinstrumente ........ 9

5.2.5 Prosedures ........ 10

5.2.6 Etiese aspekte ter sprake ........ 11

5.2.7 Dataverwerking........ 12

6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE ........ 13

7. LEEMTES ........ 14

8. RESULTATE ........ 15

8.1 Vraelyste voltooi deur graad 10-leerlinge ........ 15

8.2 Skedule voltooi deur vrywillige onderwysers ........ 32

9. GEVOLGTREKKINGS ........ 40

10.AANBEVELINGS VIR DIE ONTWERP VAN 'N BEWUSMAKINGSPROGRAM VIR ADOLESSENTE RAKENDE SEKSUELE MISBRUIK ........ 40

11.AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN VERDERE NAVORSING ........ 43

12.SAMEVATTING ........ 43

13.BRONNELYS ........ 44

## INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

**14.ADDENDUMS**


ADDENDUM A: Vraelys vir adolessente .................................................... 49
ADDENDUM B: Questionnaire to adolescents ............................................ 54
ADDENDUM C: Skedule vir voltooiing deur onderwysers .......................... 59
ADDENDUM D: Schedules for completion by teachers ............................ 60


**LYS VAN TABELLE**


Tabel 1: Huistaal van deelnemers ............................................................ 15
Tabel 2: Etniese groepe van deelnemers .................................................. 15
Tabel 3: Menings rakende sekuele misbruik en hulpverlening ..................... 16
Tabel 4: Vraag 4 – Dink jy tieners praat oor seksuele misbruik? ................ 20
Tabel 5: Vraag 9 – Dink jy tieners weet wat die impak van seksuele misbruik op die slagoffer is? ................................................................................ 20
Tabel 6: Vraag 11 - Dink jy dat ouers genoeg doen om kinders teen seksuele misbruik te beskerm soos om met hulle daaroor te praat? ............ 20
Tabel 7: Vraag 12 – Dink jy daar word genoeg in skole gedoen om kinders teen seksuele misbruik te beskerm? ...................................................... 21
Tabel 8: Vraag 14 – Sal jy graag meer wil leer van seksuele misbruik van kinders? ................................................................................................ 21
Tabel 9: Vraag 15 – Dink jy tieners sal baatvind by 'n bewusmakingsprogram oor seksuele misbruik in skole? ...................................................... 22
Tabel 10: Medium vir bewusmaking ............................................................ 22
Tabel 11: Kodering van kennis van seksuele misbruik .................................. 24
Tabel 12: Onderwerpe waarvan adolessente graag meer van sal wil leer ..... 29
Tabel 13: Etniese groepe van deelnemers/onderwysers .............................. 32
Tabel 14: Huistaal van deelnemers/onderwysers ........................................ 32
Tabel 15: Temas en subtemas van skedule voltooi deur onderwysers ......... 33

# 'N MAATSKAPLIKEWERK-ONDERSOEK NA DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N BEWUSMAKINGSPROGRAM VIR ADOLESSENTE RAKENDE SEKSUELE MISBRUIK

**Melanie Meyer, Meestersgraadstudent aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) werksaam as maatskaplike werker by die Christelik-Maatskaplike Raad, Germiston.**

**Dr. Corinne Strydom, Dosent by die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.**

## 1. INLEIDING

Hierdie artikel fokus primêr op hulpverlening aan adolessente wat aan seksuele misbruik blootgestel is. Daar word gekyk na hoe daar na hierdie adolessente uitgereik kan word. Daar word spesifiek vasgestel of daar 'n behoefte onder adolessente bestaan aan 'n bewusmakingsprogram in skole rakende seksuele misbruik en wat die inhoud van so 'n program behoort te wees. Aanbevelings rakende die inhoud en die ontwerp van so 'n program word voorsien.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Seksuele misbruik van kinders is 'n realiteit wat reeds vir dekades teenwoordig is (Bandi, 2003:1). Navorsing dui aan dat die aantal gevalle van seksuele misbruik van kinders baie hoog is (Karson, 2001:4). Anon (2002:1) haal statistiek aan waarvolgens, na beraming, een dogter uit elke vier tot vyf dogters, en een seun uit elke sewe tot tien seuns in Amerika seksueel misbruik word voordat hulle agttien jaar oud word.

<u>Waarom 'n bewusmakingsprogram van seksuele misbruik aan adolessente?</u>

Gedurende die navorser se deeltydse studies vir die magistergraad in forensiese maatskaplike werk was sy werksaam by die Christelik-Maatskaplike Raad, Germiston. In gesprek met haar dosent, me. AM Grobbelaar, het dit onder die navorser se aandag gekom dat daar die behoefte aan 'n bewusmakingsprogram vir adolessente bestaan

rakende seksuele misbruik. As 'n maatskaplike werker in die praktyk, is dit die navorser se ervaring dat heelwat voorkomingsprogramme aangebied word in Kleuterskole en Laerskole, maar adolessente wat reeds deur hierdie traumatiese ervaring is of steeds aan seksuele misbruik blootgestel word, word somtyds van vergeet.

Adolessensie kan 'n ontstuimige tydperk in 'n persoon se lewe wees waartydens onverwerkte gevoelens rakende seksuele misbruik in die vorm van uitreagerende of destruktiewe gedrag (na self of ander gerig) mag manifesteer (Wieland, 2003: 1-51). Adolessente word in vergelyking met volwassenes beskryf as meer ankerloos, emosioneel onstabiel, seksueel promisku, minder idealisties en meer krities ten opsigte van morele waardes. Hulle is dus "ontkoppel" van die volwasse generasie. Die aanname wat dus hier gemaak word, is dat adolessensie 'n stormagtige periode is. Alhoewel daar uiteenlopende standpunte bestaan rakende die oorheersende sielkundige eienskappe van adolessente het Hall (1918) se storm-en-drang-siening van adolessensie wyd byval gevind en is deur die meeste teoretici aanvaar as die tema van hulle eie teoretiese uitgangspunte. So beklemtoon Sigmund Freud (1955,1963) die herontwaking en toename van seksuele drange tydens adolessensie, terwyl Erik Erikson (1968, 1981) adolessensie beskryf as 'n periode waartydens adolessente 'n identiteitskrisis beleef (Louw, Van Ede & Louw, 2004: 390).

Volgens Glaser en Frosh (1993:20) dui navorsing aan dat kindertydse seksuele misbruik gepaard gaan met depressie, skuldgevoelens, 'n lae selfbeeld, fobies, nagmerries, rusteloosheid, bednatmaak, weiering om skool te gaan, adolessensieswangerskap en selfmoordpogings. Slagoffers van kindertydse seksuele misbruik kan hul verhoudings seksualiseer in 'n poging om affeksie te verkry; in adolessensie kan dít lei na 'n selfdestruktiewe patroon van promiskuïteit met 'n afloop van misbruikverhoudings. Weens hierdie merkwaardige impak van seksuele misbruik tesame met die hoë eise wat die stormagtige adolessensieperiode aan 'n persoon stel is vroeë intervensie noodsaaklik ten einde die adolessent te kan help om te genees om sodoende met so min moontlik spanning tot volwassenheid te kan ontwikkel en om ingeligte besluite te kan neem. Dit word ook geredelik aanvaar dat vroeë intervensie ernstige versteurings in volwassensheid mag verhoed (Ferrara, 2002:247).

Adolessente kom egter oor die algemeen nie vanself na vore vir die nodige hulpverlening nie, soos deur onder andere die volgende studies bewys:

Studies van volwassenes wat as kinders seksueel misbruik is, dui dat 'n groot persentasie van hulle nooit hul misbruikevaring bekend gemaak het nie (Russel, 1983:133-146). Alaggia (2004:1214) het in beide kliniese en nie-kliniese studies bevind dat ongeveer 30% tot 80% kinders wat seksueel misbruik word, dit doelbewus eers aanmeld wanneer hulle volwassenheid bereik.

Die gevolg is hierdie adolessente is vasgevang in die geheimhoudingsfase en loop 'n hoë risiko om die gedragsprobleme te openbaar wat gepaard gaan met seksuele misbruik van kinders. Om hierdie probleem te bowe te kom kan die aanname gemaak word dat 'n bewusmakingsprogram in skole die persentasie aanmeldings mag verhoog en sodoende kanse om hulpverlening aan adolessente te verbeter. Deur adolessente met die nodige kennis en vaardighede toe te rus, wat 'n bewusmakingsprogram kan bied, kan voorkom word dat hulle volwassenheid binnegaan met onverwerkte materiaal uit hul verlede.

Die navorser kon min bestaande bewusmakingsprogramme vir adolessente verkry rakende seksuele misbruik. Dit is ook die navorser se ervaring in die veld dat daar min of geen bewusmakingsprogramme in hoërskole bestaan vir seksueel misbruikte adolessente nie. Dit is die navorser se professionele mening dat daar 'n behoefte vir die ontwikkeling van so 'n program bestaan, 'n effektiewe program opgestel volgens adolessente se behoeftes, en nie 'n program wat die gevaar mag loop om verdere skade aan te rig nie (Kraiser; Witte & Fryer, 1989: 89).

<u>Waarom van skole gebruik maak?</u>

Die skool is die een sosiale instansie buite die gesin waarmee omtrent alle kinders konstante, aaneenlopende kontak het. Daarom is dit 'n geskikte omgewing vir die identifisering van kwesbare kinders, insluitend diegene wat seksueel misbruik word. In vandag se tyd strewe baie skole daarna om meer effektief deel te neem in die voorkoming van seksuele misbruik van kinders sowel as hulpverlening aan kinders en adolessente wat aan seksuele misbruik blootgestel word (Lumsden: 1991:1).

Lewis (in Lotter, 2008: 212) meen skole kan 'n atmosfeer skep waar seksuele misbruik bespreek kan word, sodat adolessente makliker daaroor kan praat. Dit is inderdaad so dat skole 'n veilige en natuurlike omgewing is om kwessies soos dié te behandel. Lewis (in Lotter, 2008: 212) sê ook die volgende omtrent hulp aan kinders wat seksueel misbruik is:

"As kinders weet dat volwassenes bewus is daarvan dat seksuele misbruik van kinders plaasvind, en dat grootmense hulle sal glo en nie geskok of kwaad sal wees nie, sal hulle makliker daarmee uitkom. Die wete dat dit met ander kinders ook gebeur, sal die kind minder alleen en gestigmatiseer laat voel. Hierdie vaardighede moet in al die fases van skoolleerplanne vasgelê word, van kleuterskool af verder. Ouers gaan nie altyd hul kinders hiervan leer nie omdat hulle in baie gevalle self die oortreders is."

Volgens Ferrara (2002:247) is skole die effektiefste omgewing waarbinne leerlinge se behoeftes aan berading bevredig kan word. Sy meen die skoolomgewing dien as die enigiste omgewing vir uitvoerbare intervensie aan leerlinge wat aan seksuele misbruik blootgestel is en die risiko loop tot verdere seksueel blootstellende gedrag.

Die beroep maatskaplike werk kan en behoort vanweë sy kennisveld, metodes en tegnieke sinvol aangewend word om hierdie adolessente te help.

Met inagneming van bogenoemde kan die volgende navorsingsvraag in hierdie ondersoek gevra word:

- Is daar 'n behoefte in hoërskole aan 'n bewusmakingsprogram vir seksueel misbruikte adolessente en indien wel, wat moet die inhoud van so 'n program wees?

## 3. DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie navorsing is om die behoefte aan 'n bewusmakingsprogram in hoërskole vir adolessente rakende seksuele misbruik te bepaal en daarvolgens aanbevelings aan die hand te doen vir die ontwerp van so 'n program wat in adolessente se behoeftes sal voorsien.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik is die doelwitte van die studie:

- Om by onderwysers vas te stel of daar 'n behoefte aan 'n bewusmakingsprogram rakende die seksuele misbruik van adolessente bestaan.
- Om by leerlinge vas te stel of daar 'n behoefte bestaan in skole aan 'n bewusmakingsprogram rakende die seksuele misbruik vir adolessente.
- Om vanuit die navorsingsresultate aanbevelings te stel vir die ontwerp van 'n program wat in adolessente se behoeftes sal voorsien.

## 4. SENTRALE TEORETIESE STELLING/AANNAME

Daar bestaan 'n behoefte in hoërskole aan 'n bewusmakingsprogram rakende die seksuele misbruik van adolessente.

## 5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 5.1 Literatuurstudie

- Boeke ten opsigte van seksuele misbruik van kinders binne die veld van maatskaplike werk en bykomende vakterreine binne geesteswetenskappe is geraadpleeg.
- Artikels uit maatskaplike werk en ander geesteswetenskappe soos psigologie is benut.
- Webwerwe wat gebruik is, is EBSCOhost, ScienceDirect, Google Scholar en SAEPublications. PsycINFO en ERIC is veral gebruik.

Die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) is as hoofbron gebruik om relevante literatuur te bekom. Die temas wat ondersoek is, is die traumatiese impak wat seksuele misbruik op kinders het, die behoeftes in hoërskole aan 'n bewusmakingsprogram vir slagoffers van seksuele misbruik en 'n werkbare program om dit te hanteer.

## 5.2 Empiriese ondersoek

### 5.2.1 Navorsingsbenadering

Die navorser het gebruik gemaak van 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Aldus De Vos (2005:357) is die gekombineerde metodebenadering ter sprake wanneer verskillende prosedures gebruik word om beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data te bekom. In die geval het die navorser van vraelyste en skedules gebruik gemaak as data-insamelingsinstrumente. Die doel met beide die vraelyste en skedules is om triangulering van data te bewerkstellig (Neuman, 2003:137-139). Die voordeel van die kombinasie van metodes is om meer diepte, geldigheid en akkuraatheid aan die ondersoek te verleen. Creswell (2003:210) voeg die volgende by: "...it expands an understanding from one method to another, converging or confirming from different data sources".

Alhoewel Creswell (in De Vos, 2005:360) pleit dat navorsers een van die twee moontlike benaderings moet kies, wys ander outeurs daarop dat dit in realiteit dikwels nodig is om meer as een benadering te gebruik. Mouton en Marais (in De Vos, 2005:360) byvoorbeeld meen dat die verskynsel wat in die sosiale wetenskappe bestudeer word, gewoonlik so verstrik is dat daar met 'n enkele benadering beslis nie daarin geslaag kan word om die mens in sy volle kompleksiteit te bestudeer nie.

Aangesien daar ook van kwantitatiewe navorsing gebruik gemaak is, is dit vir die navorser nodig om die definiëring van kwantitatiewe navorsing weer te gee. Wat betref kwantitatiewe navorsing, definiëer Fouché en Delport (2005: 74) dit as 'n studie van 'n sosiale of menslike probleem, gebaseer op die toetsing van teorieë bestaande uit veranderlikes, wat gemeet word deur middel van syfers en geanaliseer word deur statistiese prosedures ten einde vas te stel of die voorspellende veralgemenings van die teorie geldigheid inhou. Mouton en Marais (in Fouché & Delport, 2005: 73) meen dat 'n kwantitatiewe benadering meer geformaliseerd is en meer eksplisiet gekontroleer word.

'n Groot gedeelte van die navorsing was kwalitatief van aard. De Vos (2002: 364), omskryf dit soos volg as daar kwalitatief gewerk word: "When working from a qualitative perspective the researcher attempts to gain a first-hand, holistic understanding of the

phenomena and data collection gets shaped as the investigation proceeds. Methods such as participant observation and unstructured interviewing are used."

Neuman (1997: 418) stel dat kwalitatiewe data in die vorm van teks, woorde, frases of simbole is en beskryf of stel mense se aksies en gebeure in die sosiale lewe voor. Creswell (2009: 232) omskryf kwalitatiewe navorsing as 'n wyse van bestudering en verkenning van die wyse waarop individue en/of groepe betekenis heg aan sekere probleme en uitdagings in hul omgewing. Die proses van kwalitatiewe navorsing behels die uitwerk van vraagstukke aangaande die probleem, die opstel van navorsingprosedures, die verkryging en analisering van die data, identifisering van sekere temas, die skryf van 'n verslag en laastens die implementering van die bevindinge.

### 5.2.2 Navorsingsoogmerke

Die studie is verkennend sowel as beskrywend van aard. Volgens Babbie (2004: 87) kom verkennende studies gewoonlik voor wanneer 'n navorser 'n nuwe belang ondersoek of wanneer die onderwerp van die studie opsigself relatief nuut is. Die verkennende ontwerp word volgens Fouché en De Vos (2005:106), Mitchell en Jolley (2001:3) en Rubin en Babbie (2005:123-124) gebruik wanneer daar min inligting oor 'n onderwerp bestaan. Hierdie studie is verkennend omdat die navorsingsondersoek vasgestel het of daar 'n behoefte in hoërskole bestaan aan 'n bewusmakingsprogram rakende die seksueel misbruik van adolessente.

Babbie (2004: 89) verduidelik beskrywende studies soos volg: "The researcher observes and then describes what was observed. Because scientific observation is careful and deliberate, however, scientific descriptions are typically more accurate and precise than are casual ones." Hierdie studie is beskrywend omdat die aard van so 'n behoefte na aanleiding van die ondersoek beskryf is.

### 5.2.3 Deelnemers

Daar is van adolessente gebruik gemaak as deelnemers. Die navorser is van mening dat adolessente reeds oor die nodige kognitiewe vermoëns en kennis rakende die wese van seksuele misbruik behoort te beskik. Volgens Louw et al., (2004:417) lei fisieke

ontwikkeling tydens adolessensie tot liggaamlike en seksuele volwassensheid, terwyl die kognitiewe verandering tydens adolessensie weer die kind se denkvermoë verander in 'n omvattende, meer volwasse vermoë om byvoorbeeld te analiseer en logies te redeneer oor sowel konkrete as abstrakte begrippe.

'n Verdere motivering vir die gebruikmaking van adolessente as deelnemers is weens die stormagtige fase waarin hulle hulself bevind sowel as die reeks komplekse ontwikkelingstake wat hulle gedurende hierdie fase van hul lewe behoort te bemeester (Louw et al., 2004: 390). Die navorser is van mening dat hierdie groep grootliks kan baatvind by 'n bewusmakingspropram in dié fase van hul lewe.

Die navorser het van die doelgerigte steekproef (Strydom, 2005a:201-203) gebruik gemaak om twee hoërskole in Germiston te identifiseer. Goudrif Hoërskool asook Dawnview High School is geïdentifiseer omdat hulle die naaste en maklikste beskikbaar is, binne die navorser se werksgebied. Goudrif Hoërskool val dan ook in 'n hoër sosio-ekonomiese klas en Dawnview High School in 'n laer sosio-ekonomiese klas. Leerlinge van Goudrif Hoërskool is almal Afrikaanssprekend terwyl leerlinge van Dawnview High School almal Engelssprekend is. Laasgenoemde twee aspekte bied 'n groter kans om tendense te kan vasstel. Deur gebruik te maak van twee verskillende skole is die steekproef ook meer verteenwoordigend.

Die aanvangsouderdom wat vir adolessensie as ontwikkelingstadium gegee word, wissel tussen 11 en 13 jaar, terwyl die einde van adolessensie as tussen 17 en 21 jaar aangedui word (Louw et al., 2004:388). Aangesien die ouderdomsgrense vir die afbakening van adolessensie dus wissel, het die navorser dit goed gedink om van graad 10-leerlinge gebruik te maak. Hierdie leerlinge sorteer in die middel van die adolessensiefase soos deur verskillende skrywers aangedui en beskik dus oor die hoogste waarskynlikheid om in die adolessensiefase te verkeer. Die navorser beskou om hierdie rede graad 10-leerlinge as verteenwoordigend van adolessente. Al die graad 10-leerlinge van die betrokke twee skole is by die studie betrek.

110 leerders van Goudrif Hoërskool en 104 leerders van Dawnview High School is vir die studie geïdentifiseer. By laasgenoemde skool is die meerderheid leerders swart terwyl die meerderheid leerders by eergenoemde skool wit is.

Die tweede groep deelnemers was 10 vrywillige en beskikbare onderwysers by die betrokke twee hoërskole. Ses onderwysers van Goudrif Hoërskool en vier onderwysers van Dawnview High School was betrek. Onderwysers wat voel hulle kon 'n bydra lewer omdat hulle oor genoegsame ervaring en kennis van die onderwerp beskik,is gevra om 'n skedule te voltooi (kyk addendum C en D). Daar is dus van 'n vrywillige steekproeftrekking gebruik gemaak om onderwysers te identifiseer. Mark (1996) (*in* Strydom & Delport, 2005: 330) meen dat diegene wat by die studie aansluit uit eie wil is normaalweg meer gemotiveerd en beter opgelei as diegene wat nie vrywillig deelneem nie. Die navorser is dus van mening dat vrywillige onderwysers 'n betekenisvolle bydrae tot hierdie studie kon lewer deur hul ervaring.

### 5.2.4 Meetinstrumente

In terme van kwantitatiewe prosedures is daar gebruik gemaak van selfopgestelde groep-geadministreerde vraelyste om te bepaal of daar 'n behoefte aan 'n bewusmakingsprogram bestaan vir adolessente rakende seksuele misbruik en wat die aard van die behoefte is. Met groep-geadministreerde vraelyste voltooi elke deelnemer binne groepsverband sy/haar eie vraelys. Elke respondent moet verkieslik dieselfde stimulus ontvang en sy eie vraelys voltooi sonder enige bespreking met ander groepslede (Delport, 2005:169). Dit was weens praktiese redes nie vir die navorser moontlik om teenwoordig te wees met die voltooiing van die vraelyste in groepverband nie. Die navorser het egter die doel van die navorsing aan die skoolhoofde oorgedra om aan die graad 10-klasonderwysers te verduidelik om hulle in staat te stel om die leerlinge se vrae te kon beantwoord.

Delport (2005: 169) laat haarself verder soos volg hieroor uit: "The group interview is in essence a combination of the personal interview and the mailed questionnaire. The respondent himself completes the questionnaire, while the fieldworker is present to give certain instructions and clear up possible uncertainties. The greatest advantage of this

method is that much time and cost are saved in that a group of respondents is handled simultaneously and consequently also exposed simultaneously to the same stimulus. Another advantage is that the researcher can here combine the best aspects of the personal questionnaire and the mailed questionnaire."

Vrae in die vraelys het die volgende ingesluit: "ja/nee" vrae; vrae waarin deelnemers 'n keuse kon uitoefen deur "ja/onseker/nee" te merk; 'n vraag waarin deelnemers in numeriese volgorde van belangrikheid hul keuse kon aandui en sewe oopeindevrae waarin deelnemers kon beskryf hoe hulle voel.

Wat die kwalitatiewe ondersoek betref, is daar beplan om fokusgroepe te hou. Fokusgroepbesprekings kon egter weens die onderwysers se hoë werkslading en beperkte tyd nie realiseer nie. Daarom is selfopgestelde kwalitatiewe skedules aan 10 vrywillige onderwysers van 2 skole voorsien vir voltooiing. Die oogmerk van die kwalitatiewe skedule was om vanuit die onderwysers se oogpunt die onderwerp te benader, om die betekenis van hul ervarings te ontvou, en om te help met die moontlike formulering van aanbevelings vir die opstel van 'n bewusmakingsprogram.

### 5.2.5 Prosedures

- Die navorser het telefonies asook persoonlik kontak gemaak met die hoofde van die betrokke hoërskole om die navorsing te verduidelik en die nodige toestemming te bekom, ten einde graad 10-leerders en vrywillige onderwysers van die skole te kan betrek.

- Die doel en prosedure van die studie is aan die skoolhoofde verduidelik ter bespreking met die graad 10-onderwysers asook vrywillige onderwysers wat skedules sou voltooi.

- Die vraelyste is aan die graad 10-leerlinge uitgedeel deur die betrokke klasonderwysers. Die doel van die studie is aan die leerlinge verduidelik. Die onderwysers is verder versoek om aan die leerlinge oor te dra dat deelname vrywillig is.

- Die skedules is aan die vrywillige onderwysers uitgedeel om te voltooi.

- Na afloop van voltooiing van die vraelyste en skedules deur die graad 10-leerlinge en vrywillige onderwysers het die navorser dit weer by die betrokke twee skole gaan afhaal.

- Die data is statisties per hand verwerk en kwalitatiewe data is tematies geanaliseer.

- Die data is daarna vervat in 'n navorsingsverslag.

### 5.2.6 Etiese aspekte ter sprake

Strydom (2002:63) definiëer etiek soos volg: "Ethics is a set of moral principles that are suggested by an individual or group, are subsequently widely accepted, and offer rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students." Die volgende etiese aspekte word deur Strydom (2002:63-73) uitgelig:

- **Skade aan respondente**

  Respondente kan fisies of emosioneel skade ervaar. Dit is nodig om respondente behoorlik in te lig oor die potensiële impak van die studie sodat respondente van die navorsing kan onttrek, sou hulle wil. Sensitiewe en persoonlike inligting moet baie sensitief hanteer word en nie deel gemaak word van die navorsing nie. Die navorser het byvoorbeeld daarteen gewaak om enige inligting wat voortgespruit het uit die voltooiing van die vraelyste deur respondente, aan 'n naam te koppel. Daar is ook sorg gedra dat respondente se response te alle tye vertroulik hanteer is. Indien 'n deelnemer om die een of ander rede wou onttrek, is dit enige tyd toegestaan sonder dat hy/sy gepenaliseer is. Die nodige morele ondersteuning is voorsien (Greeff, 2005:305).

- **Ingeligte toestemming**

Dit is die navorser se plig om duidelike inligting oor die doel van die navorsing aan respondente te verskaf, die prosedure wat gevolg gaan word, die voor- en nadele asook gevare waaraan respondente blootgestel kan word (Strydom, 2005**b**:61). Klem word hier geplaas op die akkuraatheid en volledigheid van die inligting wat aan respondente verskaf word. Toestemming is van die hoofde van die hoërskole asook van alle respondente verkry. Deelname was vrywillig (Strydom, 2005**b**:59).

- **Goedkeuring van navorsing**

Goedkeuring vir die navorsing is van die Departement Maatskaplike Werk van die Potchefstroom Kampus van die Noordwes-Universiteit sowel as Christelik-Maatskaplike Raad, Germiston verkry.

Die nodige toestemming is van die Etiekkomittee van die Noordwes-Universiteit, (Potchefstroomkampus), verkry om die navorsing uit te voer. Projeknommer: NWU-0027-09S1.

- **Aksies en bevoeghede van die navorser**

Daar rus 'n verantwoordelikheid op die navorser se skouers om die navorsingsproses met die nodige vaardigheid aan te pak, te voltooi en daaroor te rapporteer. Die navorser se taak is om te alle tye professioneel, eerlik en objektief te bly en om veral oor die kulturele grense die gewoontes van ander te respekteer. 'n Ingeligte onderwyser was onmiddellik beskikbaar vir die deelnemers wat enige vrae gestel het wat uit die voltooiing van vraelyste voortgevloei het (Babbie, 2001:475).

- **Skending van vertroulikheid, privaatheid en anonimiteit**

Alle inligting wat die navorser bekom het, is met die nodige respek en vertroulikheid hanteer. Deelnemers se identiteit bly onbekend (Strydom, 2005**b**:61).

### 5.2.7 Dataverwerking

Die navorser het self die kwantitatiewe data statisties geanaliseer en patrone geïdentifiseer. Daar is dus gebruik gemaak van statistiese analitiese prosedures vir die ontleding van kwantitatiewe prosedures.

Daar is ook gebruik gemaak van tematiese analisering van die kwalitatiewe skedules. Volgens Bailey (2004: 153) is die skepping van temas 'n algemene, gepaste en belangrike metode van data-analisering. Eenvoudig gestel, temas is herhaalde patrone, onderwerpe, standpunte, emosies, konsepte, gebeure, ensovoorts. Dit kan ontstaan van dinge wat die navorser oor en oor gehoor het. Temas word dikwels geskep soos ooreenstemmings gevind word tussen verskillende gevalle.

Die navorser het die kwalitatiewe data self georden, geklassifiseer en geanaliseer. Temas en subtemas is geïdentifiseer. Daar is van die deduktiewe en induktiewe beredenering gebruik gemaak om vanaf teorie na hipoteses en 'n plan van intervensie te beweeg (Monette, Sullivan & De Jong, 2005:34).

## 6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

### 6.1 Bewusmakingsprogram

Om 'n beter begrip te bekom van bogenoemde term, kan dit verduidelik word in terme van die Gemeenskapsopvoedkundige Model as een van die Gemeenskapsontwikkelingspraktykmodelle waarna Weyers (2001:69) verwys.

Weyers (2001:174) beskryf die Gemeenskapsopvoedkundige Model soos volg:

Die gemeenskapsopvoedkundige model is gebaseer of die veronderstelling dat die effektiwiteit van die gemeenskap se maatskaplike funksionering bepaal sal word deur sy lede se individuele en kollektiewe kennis, insig, vaardighede en houdings. Die werk wat gedoen word in terme van hierdie model is dus gemik daarop om die enige vorm van onkunde te elimineer. Onkunde moet in hierdie konteks nie as negatief beskou word nie. Dit moet bloot beskou word as enige omstandighede waarin mense nog nie oor 'n

voldoende kennis omtrent hulself of hul omgewing beskik nie, asook 'n geleentheid vir verandering.

### 6.2 Adolessent

Adolessensie is die ontwikkelingstadium tussen die kinderjare en volwassenheid. Die term adolessensie, wat afgelei is van die Latynse werkwoord *adolescere,* beteken dan ook om "groot te word" of om "te groei tot volwassenheid" (Louw, et al. 2004:388).

### 6.3 Seksuele misbruik

Die Wysigingswet op die Strafreg (seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede) (SA, 2007:6-15) verwys na seksuele misbruik van 'n kind. Dit is 'n persoon wat onder 18 jaar oud is. Seksuele misbruik sluit die volgende in:

- Statutêre verkragting of seksuele aanranding
- Seksuele uitbuiting
- Seksuele sagmaakproses ("grooming")
- Kind word vir kinderpornografie gebruik of daaraan blootgestel
- Kind raak onder dwang by seksuele aktiwitite betrokke, hetsy seksuele dade of self-masturbasie
- Blootstelling ("flashing") of die vertoon van geslagsorgane, anus of vroulike borste.

## 7. LEEMTES

Die volgende leemtes kan na afloop van die studie geïdentifiseer word:

- Weens die onderwysers van die hoërskole wat in die studie benut is se beperkte tyd kon fokusgroepe nie soos beplan geskied nie.
- Onderwysers het slegs die skedule voltooi.
- Waardevolle inligting byvoorbeeld onderwysers se houdings, nie-verbale uitdrukke ens. het dus verlore gegaan.
- Om praktiese redes kon die navorser nie self die vraelyste aan graad 10-leerlinge uitdeel soos beplan nie. Die skool was nie in staat om die leerlinge almal saam te kry vir die voltooiing daarvan nie.

- Gevolglik moes klasonderwysers benut word om die doel van die studie asook die deelnemers se regte aan hulle te verduidelik.
- Die navorser was dus ook nie persoonlik beskikbaar aan die deelnemers vir die beantwoording van vrae nie, maar slegs die klasonderwysers.

## 8. RESULTATE

Die resultate wat vanuit die vraelyste bekom is, word vervolgens bespreek.

### 8.1 Vraelyste voltooi deur graad 10-leerlinge

#### 8.1.1 Inleiding

Vir vraelysdoeleindes is daar na 'tieners' verwys, bloot omdat adolessente die begrip 'tiener' beter verstaan as adolessent. Literatuurkontrole word ook aangedui.

#### 8.1.2 Studiepopulasie

Data wat vanuit die 214 vraelyste aan adolessente bekom is, word in die afdeling bespreek.

#### 8.1.3 Geslag van deelnemers

Die meerderheid deelnemers, naamlik 122 (57.00%) was vroulik, terwyl 92 (42.99%) deelnemers manlik was. Daar was dus nie 'n groot verskil tussen die aantal manlike en vroulike deelnemers nie.

#### 8.1.4 Huistaal van deelnemers

**Tabel 1: Huistaal van deelnemers**

| HUISTAAL | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| **Afrikaans** | 110 | 51.40% |
| **Engels** | 31 | 14.48% |
| **Sotho** | 26 | 12.14% |
| **Zulu** | 25 | 11.68% |
| **Xhosa** | 9 | 4.20% |
| **Ander** | 13 | 6.07% |

110 (51.4%) deelnemers se huistaal was Afrikaans, 31 (14.48%) deelnemers se huistaal was Engels, 26 (12.14%) deelnemer se huistaal was Sotho, 25 (11.68%)

deelnemers se huistaal was Zulu, 9 (4.2%) deelnemers se huistaal was Xhosa en 13 (6%) deelnemers het ander huistale, onder andere Swati en Tsonga.

### 8.1.5 Etniese groepe van deelnemers

**Tabel 2: Etniese groepe van deelnemers**

| ETNIESE GROEP | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| **Wit** | 118 | 55.14% |
| **Kleurling** | 15 | 7% |
| **Sotho** | 26 | 12.14% |
| **Zulu** | 25 | 11.68% |
| **Xhosa** | 9 | 4.20% |
| **Ander** | 21 | 9.81% |

Uit die 214 deelnemers was 118 (55.14%) deelnemers wit, 15 (7%) deelnemers kleurling, 26 (12.14%) deelnemers Sotho, 25 (11.68%) deelnemers Zulu, 9 (4.2%) deelnemers Xhosa en 21 (9.81%) deelnemers van 'n ander kultuur. Soos ook reeds genoem is Goudrif Hoërskool se leerders dus oorweldigend wit terwyl Dawnview High School se leerders oorweldigend swart is.

### 8.1.6 Deelnemers se menings rakende seksuele misbruik en hulpverlening

Die navorser is van opinie dat adolessente se menings rakende seksuele misbruik 'n direkte invloed het op hul gedrag en die hulpverleningsproses (of die adolessent sal uitreik na hulp). Deelnemers se menings rakende seksuele misbruik is met 15 vrae getoets.

Adolessente se data word in frekwensies sowel as persentasies aangedui.

**Tabel 3: Menings rakende sekuele misbruik en hulpverlening**

| | | ADOLESSENTE | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | VRAE | JA | | ONSEKER | | NEE | | | |
| | | **f** | **%** | **f** | **%** | **f** | **%** | **N** | **%** |
| 1. | Dink jy tieners weet wat seksuele misbruik is? | 170 | 79.43 | 25 | 11.68 | 19 | 8.87 | 214 | 100 |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2. | Dink jy tieners word soms seksueel misbruik sonder dat hulle dit besef? | 174 | 81.30 | 23 | 10.74 | 17 | 7.94 | 214 | 100 |
| 3. | Dink jy tieners word blootgestel aan seksuele misbruik? | 162 | 75.70 | 46 | 21.49 | 4 | 1.86 | 212 | 99.06 |
| 4. | Dink jy tieners praat oor seksuele misbruik? | 54 | 25.23 | 65 | 30.37 | 95 | 44.39 | 214 | 100 |
| 5. | Dink jy tieners sal iemand vertel as hulle seksueel misbruik word? | 24 | 11.21 | 88 | 41.12 | 101 | 47.19 | 213 | 99.53 |
| 6. | Dink jy tieners is bang dat niemand hulle sal glo nie? | 176 | 82.24 | 28 | 13.08 | 10 | 4.67 | 214 | 100 |
| 7. | Dink jy tieners is bang vir die gevolge as hulle iemand sou vertel? | 193 | 90.18 | 18 | 8.41 | 3 | 1.40 | 214 | 100 |
| 8. | Dink jy tieners voel soms dat dit wat met hulle gebeur 'normaal' is of deel van die 'grootword proses'? | 88 | 41.12 | 83 | 38.78 | 42 | 19.62 | 213 | 99.53 |
| 9. | Dink jy tieners weet wat die impak van seksuele misbruik op die slagoffer is? | 51 | 23.83 | 55 | 25.70 | 108 | 50.46 | 214 | 100 |
| 10. | Dink jy tieners weet genoeg omtrent seksuele misbruik? | 78 | 36.44 | 37 | 17.28 | 95 | 44.39 | 214 | 100 |
| 11. | Dink jy dat ouers genoeg doen om kinders teen seksuele misbruik te beskerm soos om met hulle daaroor te praat? | 48 | 22.42 | 70 | 32.71 | 96 | 44.85 | 214 | 100 |
| 12. | Dink jy daar word genoeg in skole gedoen om kinders teen seksuele misbruik te beskerm? | 68 | 31.77 | 53 | 24.76 | 93 | 43.45 | 214 | 100 |
| 13. | Dink jy dat tieners wat seksueel misbruik word die nodige hulp kry wat hulle verdien? | 47 | 21.96 | 79 | 36.91 | 87 | 40.65 | 213 | 99.53 |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 14. | Sal jy graag meer wil leer van seksuele misbruik van kinders? | 137 | 64.01 | 29 | 13.55 | 45 | 21.02 | 211 | 98.59 |
| 15. | Dink jy tieners sal baatvind by 'n bewusmakingsprogram oor seksuele misbruik in skole? | 160 | 74.76 | 41 | 19.15 | 13 | 6.07 | 214 | 100 |

Die volgende interessante en belangrike syfers kom uit die tabel na vore:

- 170 (79.43%) deelnemers is van mening dat adolessente weet wat seksuele misbruik is; maar
- 162 (75.70%) deelnemers is steeds van mening dat adolessente aan seksuele misbruik blootgestel word;

Meel (2008:69 & 69a) sê in die verband dat adolessente dogters tussen die ouerdomme van 12 en 17 jaar in Suid-Afrika spesifiek 'n hoë risiko loop om slagoffers van seksuele aanranding te word.

Verdere syfers wat daarop dui dat 'n groot persentasie adolessente moontlik nie seksuele misbruik bekend sal maak nie, is die volgende:

- 174 (81.30%) deelnemers is van mening dat adolessente soms aan seksuele misbruik blootgestel word sonder dat hulle dit besef;
- 176 (82.24%) deelnemers is van mening dat adolessente bang is dat niemand hulle sal glo indien hulle seksuele misbruik openbaar nie; en
- 193 (90.18%) deelnemers is van mening dat adolessente bang is vir die gevolge indien hulle iemand sou vertel van die misbruik.
- Slegs 24 (11.21%) deelnemers is van mening dat adolessente iemand sal vertel as hulle seksueel misbruik word;
- 176 (82.24%) deelnemers is van mening dat adolessente bang is dat niemand hulle sal glo indien hulle seksuele misbruik openbaar nie; en
- 193 (90.18%) deelnemers is van mening dat adolessente bang is vir die gevolge indien hulle iemand sou vertel van die misbruik;

Hierdie syfers is bevestigend van die studies onderneem deur Russel (1983:133-146). Die studie dui dat 'n groot persentasie volwassenes wat as kinders seksueel misbruik is die misbruik evaring nooit bekend gemaak het nie (Russel, 1983:133-146).

Finkelhor, *et al.* (2001:17-30) se model ondersteun ook die deelnemers se antwoorde. Hulle meld dat uit die eerste stadium van die "two-stage model of crime reporting", naamlik die "Problem Recognition Stage", blyk dat talle kinders nie die seksuele misbruik aanmeld nie, bloot omdat hulle nie besef dat hulle misbruik word nie. Die kind ervaar dat dit "hulle geheim" is, dat dit deel uitmaak van die opvoedingsproses of dat dit normale gedrag van 'n ouer is. Die tweede fase van hierdie model is die "Consideration Stage". Die volgende faktore word tydens die fase oorweeg: bestaan die moontlikheid dat die oortreder skuldig bevind sal word? Sal die slagoffer die nodige professionele hulp en beskerming ontvang? Gaan die kind as slagoffer verder deur die oortreder of kriminele hof aan viktimisering blootgestel word? Is dit nie maar beter om stil te bly en verdere trauma te vermy nie? Die slagoffer besluit dikwels dat dit beter is om stil te bly, omdat hulle vrees dat die oortreder nie skuldig bevind sal word nie.

Verdere menings en behoeftes rondom seksuele misbruik:

- Slegs 78 (36.44%) deelnemers is van mening dat adolessente genoeg weet omtrent seksuele misbruik; en
- Slegs 68 (31.77%) deelnemers meen daar word genoeg in skole gedoen om adolessente teen seksuele misbruik te beskerm;

In die verband kan verwys word na die onlangse insident by Jules High School in Johannesburg. Die insident het plaasgevind op 4 November 2010 toe twee tienerseuns na bewering 'n jong meisie verkrag het. Dit het gedurende skoolure plaasgevind en is deur ander leerlinge op hul selfoon opgeneem. Al drie tieners (tussen 14 en 16 jaar) is aangekla ooreenkomstig die 'Sexual Offences and Related Matters Act 32 of 2007'. 'n Intervensieprogram vir die drie tieners eerder as 'n vonnisoplegging word tans oorweeg (Mashabane, 2010:6).

Dit blyk of daar 'n behoefte onder adolessente bestaan om verdere kennis te bekom rondom seksuele misbruik, want:

- 137 (64.01%) deelnemers sal graag meer van seksuele misbruik wil leer;
- 160 (74.76%) deelnemers is van mening dat adolessente sal baatvind by 'n bewusmakingsprogram in skole oor seksuele misbruik.

### 8.1.7 Statisties betekenisvolle verskille tussen Goudrif Hoërskool (meestal wit leerlinge) en Dawnview High School (meestal swart leerlinge)

Ses vrae in hierdie afdeling toon statisties en prakties betekenisvolle verskille aan. Die vrae word vervolgens in tabelvorm aangedui en bespreek:

**Tabel 4: Vraag 4 – Dink jy tieners praat oor seksuele misbruik?**

| | Ja | | Onseker | | [illegible] | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Skool** | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| Goudrif Hoërskool | 45 | 40.90 | 29 | 26.36 | 36 | 32.72 |
| Dawnview High School | 9 | 8.65 | 36 | 34.61 | 59 | 56.73 |

Die sigbare verskil is in die 45 (40.90%) deelnemers van Goudrif Hoërskool wat "ja" geantwoord het, teenoor Dawnview High School waar nege (8.65%) deelnemers "ja" geantwoord het. Die studie toon dat meer wit as swart deelnemers dink dat adolessente oor seksuele misbruik praat.

**Tabel 5: Vraag 9 – Dink jy tieners weet wat die impak van seksuele misbruik op die slagoffer is?**

| | Ja | | Onseker | | [illegible] | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Skool** | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| Goudrif Hoërskool | 39 | 35.45 | 26 | 23.63 | 45 | 40.90 |
| Dawnview High School | 12 | 11.53 | 29 | 27.88 | 63 | 60.57 |

Die sigbare verskil is in die 39 (35.45%) deelnemers van Goudrif Hoërskool wat "ja" geantwoord het en 45 (40.90%) wat "nee" geantwoord het, teenoor 12 (11.53%) deelnemers van Dawnview High School wat "ja" geantwoord het en 63 (60.57%) wat

nee geantwoord het. Die studie toon dat meer wit deelnemers as swart deelnemers meen adolessente weet wat die impak van seksuele misbruik op die slagoffer is.

**Tabel 6: Vraag 11 - Dink jy dat ouers genoeg doen om kinders teen seksuele misbruik te beskerm soos om met hulle daaroor te praat?**

| | Ja | | Onseker | | Nee | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Skool** | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| Goudrif Hoërskool | 34 | 30.90 | 32 | 29.09 | 44 | 40 |
| Dawnview High School | 14 | 13.46 | 38 | 36.53 | 52 | 50 |

Die sigbare verskil is in die 34 (30.90%) deelnemers van Goudrif Hoërskool wat "ja" antwoord, teenoor die 14 (13.46%) deelnemers van Dawnview High School wat "ja" antwoord. Die studie toon dat meer wit deelnemers as swart deelnemers dink dat ouers genoeg doen om kinders teen seksuele misbruik te beskerm.

**Tabel 7: Vraag 12 – Dink jy daar word genoeg in skole gedoen om kinders teen seksuele misbruik te beskerm?**

| | Ja | | Onseker | | Nee | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Skool** | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| Goudrif Hoërskool | 43 | 39.09 | 31 | 28.18 | 36 | 32.72 |
| Dawnview High School | 25 | 24.03 | 57 | 54.80 | 22 | 21.15 |

Die sigbare verskil is in die 43 (39.09%) deelnemers van Goudrif Hoërskool wat "ja" antwoord, teenoor die 25 (24.03%) deelnemers van Dawnview High School wat "ja" antwoord. Die studie toon dat meer wit deelnemers as swart deelnemers dink dat skole genoeg doen om kinders teen seksuele misbruik te beskerm.

**Tabel 8: Vraag 14 – Sal jy graag meer wil leer van seksuele misbruik van kinders?**

| | Ja | | Onseker | | [illegible] | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Skool** | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| Goudrif Hoërskool | 58 | 52.72 | 23 | 20.90 | 28 | 25.45 |
| Dawnview High School | 79 | 75.96 | 6 | 5.76 | 17 | 16.34 |

Die sigbare verskil is in die 58 (52.72%) deelnemers van Goudrif Hoërskool wat "ja" geantwoord het, teenoor die 79 (75.96%) deelnemers van Dawnview High School wat "ja" geantwoord het. Die studie toon 'n sterker behoefte onder swart deelnemers om meer te wil leer van seksuele misbruik as onder wit deelnemers.

**Tabel 9: Vraag 15 – Dink jy tieners sal baatvind by 'n bewusmakingsprogram oor seksuele misbruik in skole?**

| | Ja | | Onseker | | [illegible] | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Skool** | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| Goudrif Hoërskool | 64 | 58.18 | 34 | 30.90 | 12 | 10.90 |
| Dawnview High School | 96 | 92.30 | 7 | 6.73 | 1 | 0.96 |

Die sigbare verskil is in die 64 (58.18%) deelnemers van Goudrif Hoërskool wat "ja" geantwoord het, teenoor die 96 (92.30%) deelnemers van Dawnview High School wat "ja" geantwoord het. Die studie toon dat meer swart deelnemers glo dat adolessente sal baatvind by 'n bewusmakingsprogram oor seksuele misbruik as wit leerlinge.

Boehm en Itzhaky (2004:260) meld dat kultuur of godsdiensoortuigings gebruik word om seksuele misbruik te regverdig en in sekere gemeenskappe word die stilte nooit verbreek nie.

### 8.1.8 Medium vir bewusmaking

Seksuele misbruik van 'n persoon is 'n baie sensitiewe onderwerp. Daarom is dit belangrik om vas te stel van wie adolessente meer oor seksuele misbruik sal wil leer. Deelnemers kon uit 'n lys van bronne hier aandui deur watter medium hulle sou verkies

om meer inligting te ontvang rakende seksuele misbruik. Deelnemers kon soveel mediums kies as wat hulle wou.

**Tabel 10: Medium vir bewusmaking**

Tabel 10 toon aan hoeveel deelnemers elke medium gemerk het.

| MEDIUM | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| Ouer | 183 | 85.51 |
| Familielid | 136 | 63.55 |
| Onderwyser | 154 | 71.96 |
| Predikant | 79 | 36.91 |
| Polisiebeampte | 81 | 37.85 |
| Bewusmakingsprogram by die skool | 152 | 71.02 |
| Maatskaplike werker | 96 | 44.85 |
| Boeke | 111 | 51.86 |
| Tydskrifte | 110 | 51.40 |
| Televisie | 131 | 61.21 |
| Radio | 84 | 39.25 |
| Internet | 98 | 45.79 |
| Ander | 28 | 13.08 |

Aangesien deelnemers meer as een medium kon aandui, was daar meer as 214 response.

- Uit die tabel hierbo is dit duidelik dat die grootste aantal deelnemers, naamlik 183 (85.51%) sou verkies om deur middel van 'n ouer meer van seksuele misbruik sal wil leer;
- In die tweede plek het 154 (71.96%) deelnemers aangetoon dat hulle van 'n onderwyser meer van seksuele misbruik sal wil leer;
- In die derde plek het 152 (71.02%) deelnemers aangetoon dat hulle deur middel van 'n bewusmakingsprogram in die skool meer van seksuele misbruik sal wil leer;
- Hiernaas het 136 (63.55%) deelnemers gekies om deur 'n familielid meer bewus gemaak te word rondom seksuele misbruik;

- Die volgende sewe mediums lê min of meer gelyk: 131 (61.21%) deelnemers het televisie aangedui; 110 (51.40%) deelnemers het tydskrifte aangedui; 111 (51.86%) deelnemers het boeke aangedui; 98 (45.79%) deelnemers het die internet aangedui; 96 (44.85%) deelnemers het 'n maatskaplike werker aangdui; 84 (39.25%) het die radio aangedui; 81 (37.85%) deelnemers het 'n polisiebeampte aangedui.
- Die laagste aantal deelnemers 79 (36.91%) het aangedui dat hulle deur middel van 'n predikant meer bewus gemaak sal wil word.
- Geen statisties betekenisvolle verskille is waargeneem tussen Goudrif Hoërskool en Dawnview High School nie.

### 8.1.9 Spesifieke kennis van seksuele misbruik en die behoefte aan 'n bewusmakingsprogram in skole

Vervolgens is sewe oop vrae aan die adolessente gestel.

#### 8.1.9.1 Seksuele misbruik van die adolessent

Die doel van die oop vraag: "Verduidelik wat jy onder seksuele misbruik van tieners verstaan?" was om 'n aanduiding te kry van die mate waartoe adolessente die breër definisie van seksuele misbruik besef.

Die deelnemers se antwoorde is deur die navorser gekodeer. Die volgende skaal is gebruik:

Kode 0 – deelnemers het geen idee van wat seksuele misbruik behels nie.

Kode 1 – deelnemers het 'n vae idee van wat seksuele misbruik behels.

Kode 2 – deelnemers beskik oor 'n redelike idee van wat seksuele misbruik behels.

Kode 3 – deelnemers beskik oor 'n goeie idee van wat seksuele misbruik behels.

Kode 4 – deelnemers beskik oor 'n baie goeie idee van wat seksuele misbruik behels.

195 Deelnemers het die vraag beantwoord.

**Tabel 11: Kodering van kennis van seksuele misbruik**

| KODE | FREKWENSIE | [illegible] |
|---|---|---|
| Kode 0 | 12 | 5.60 |
| Kode 1 | 52 | 24.29 |
| Kode 2 | 58 | 27.10 |
| Kode 3 | 43 | 20.09 |
| Kode 4 | 30 | 14.01 |

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat die grootste aantal deelnemers, naamlik 58 (27.10%) 'n redelike idee het van wat seksuele misbruik behels. Dit word opgevolg met 52 (24.29%) deelnemers wat 'n vae idee het wat seksuele misbruik behels; 43 (20.09%) deelnemers wat 'n goeie idee het van wat seksuele misbruik behels; 30 (14.01%) deelnemers wat oor 'n baie goeie idee beskik van wat seksuele misbruik behels en 12 (5.60%) deelnemers wat oor geen idee beskik wat seksuele misbruik behels nie.

- Die meerderheid deelnemers verwys na seksuele misbruik slegs as seks. Dit wil voorkom of die deelnemers nie bekend is met die verskillende soorte of vorme van seksuele misbruik nie. Adolessente beskik nie oor genoegsame kennis rakende die breër definisie van seksuele misbruik nie. (Kyk punt 6.3 vir definisie).

- Vanuit 'n groot aantal vraelyste se antwoorde blyk dit dat die deelnemers nie bekend is met verskillende terme nie en dit onvanpas gebruik. Dit kan ook moontlik wees weens verkeerde inligting bekom vanaf vriende.

- Deelnemers noem dat seksuele misbruik 'n groot impak op 'n persoon het en baie nagevolge het. Die deelnemers kon egter nie die impak daarvan weergee nie. Hulle kon byvoorbeeld nie emosies heg aan die dade nie en het meestal wraak of woede uitgespreek teenoor die oortreders. Die navorser is van mening dat 'n beter verstaan van die impak van seksuele misbruik die deelnemers in staat kan stel om hul emosies of die emosies van die slagoffers beter te kan identifiseer, te beskryf en te kan hanteer.

Geen statisties en prakties betekenisvolle verskille is waargeneem tussen Goudrif Hoërskool en Dawnview High School nie.

#### 8.1.9.2 Belewenisse van adolessente

Die doel van die oop vraag: "Weet jy van iemand wat seksueel misbruik was/word? Het die persoon vir enige iemand vertel en vir wie?" was om te bepaal hoeveel deelnemers wel iemand ken wat seksueel misbruik is en wat gebeur het.

- 209 deelnemers het die vraag beantwoord.
- 85 (39.71%) deelnemers het aangedui dat hulle iemand ken wat seksueel misbruik was/word.
- 124 (57.94%) deelnemers het aangedui dat hulle niemand ken wat seksueel misbruik was/word nie.

Die deelnemers wat getoon het dat hulle iemand ken wat seksueel misbruik is, het in 50 gevalle aangedui dat die slagoffer dit aangemeld het by ouers, familie en/of die polisie. Die aanmelding het egter in sommige gevalle eers na baie oorreding en jare geskied. Twee deelnemers het genoem dat hulle verkies om nie daarop uit te brei nie. 22 deelnemers het aangedui dat die slagoffers slegs met hulle beste vriende/vriendinne daaroor gepraat het. Redes wat hiervoor aangevoer word, is dat die slagoffers bang is vir die gevolge, bang is dat niemand hulle gaan glo nie en skaam kry daaroor. Drie deelnemers het aangedui dat na die slagoffer dit aangemeld het niemand anders hul geglo het nie. Twee deelnemers het aangedui dat hy/sy self seksueel misbruik was en dat hy/sy dit wel aangemeld het, maar steeds skaam voel daaroor. Een deelnemer het aangedui dat hy/sy self misbruik was en dit steeds geheim hou.

#### 8.1.9.3 Ingeligtheid oor seksuele misbruik

In die oop vraag: "Dink jy tieners is genoeg ingelig oor seksuele misbruik? Motiveer", was die doel om te bepaal of adolessente voel dat tieners nie genoegsaam ingelig is rakende seksuele misbruik nie.

- 156 (72.89%) deelnemers het "nee" op bogenoemde vraag geantwoord. Hulle is van mening dat tieners nie genoeg ingelig is oor seksuele misbruik nie.
- 47 (21.96%) deelnemers het "ja" geantwoord op die vraag of tieners genoeg ingelig is oor seksuele misbruik.
- 11 (5.14%) deelnemers het geen respons gehad nie.

Motiverings van deelnemers se antwoorde waarom adolessente nie oor genoegsame kennis beskik ten opsigte van seksuele misbruik nie, sluit in:

- Die meerderheid deelnemers is van mening dat ouers nie hul kinders met voldoende inligting voorsien nie. Hulle meen ouers bespreek nie die onderwerp met hul kinders nie.
- Adolessente dink dit is normaal of deel van die grootwordproses. 'n Aantal deelnemers is van mening dat adolessente soms onbewustelik seksueel misbruik word. In 'n studie van Collings *et al.* (2005:281) is bevind dat kinders misbruikgedrag eers bekend maak wanneer hulle norme en waardesisteme beter ontwikkel is, want dan besef hulle eers dat dit verkeerd is.
- Daar is 'n tekort aan inligting rondom wat om te doen in 'n misbruiksituasie.
- Adolessente meld dit steeds nie aan nie of praat nie daaroor nie – hulle kry skaam en is bang vir die gevolge.
- Sommige adolessente is oningelig of voorsien met verkeerde inligting. Daar bestaan onsekerheid by sommige adolessente.
- Deelnemers voel die onderwerp word nie gereeld of voldoende bespreek nie. Die onderwerp word meestal vermy. 'n Behoefte om die onderwerp meer openlik te kan bespreek in skole en met ouers is geïdentifiseer.
- Daar bestaan 'n vae verstaan van die gevolge of impak van seksuele misbruik onder adolessente.
- Daar bestaan 'n behoefte aan meer kennis rondom voorkoming
- Stigmatisering vind steeds plaas. Sommige deelnemers ervaar dat adolessente nie belangstel in die onderwerp nie en dat sommiges selfs dink dit is 'n 'grap'.
- Skole kan 'n omgewing skep vir die voorsiening van meer inligting
- Adolessente luister nie, gee nie aandag nie of verstaan nie die onderwerp nie.

Behoeftes geïdentifiseer deur deelnemers wie van mening is dat adolessente oor genoegsame kennis beskik rakende seksuele misbruik, is die volgende (hul verdere motiverings):

- Adolessente weet wat seksuele misbruik behels, maar weet nie hoe om dit aan te meld nie.
- Adolessente ontvang soms die verkeerde inligting.
- Almal verstaan dikwels nie die gevolge nie.
- Meer aandag moet geskenk word aan die vervolging en hantering van oortreders.
- Daar word in die skool daarvan geleer, maar deelnemers is van mening dat ouers min belangstelling in die onderwerp toon.
- 'n Klein persentasie deelnemers is van mening dat die onderwerp oorversadig is.
- Deelnemers is van mening dat alhoewel adolessente bekend is met die onderwerp, vind misbruik tussen adolessente steeds plaas.
- Daar is deelnemers wat meen adolessente kies om nie die inligting tot hul beskikking te gebruik nie.

#### 8.1.9.4 Kennis rondom die impak van kindertydse seksuele misbruik op 'n persoon

In die oop vraag: "Watter impak dink jy het kindertydse seksuele misbruik op 'n persoon? Beskryf asseblief so volledig moontlik", was die doel om vas te stel of adolessente oor genoegsame kennis beskik rakende die impak van seksuele misbruik op 'n persoon.

- 23 (10.74%) deelnemers dra geen kennis van die impak van seksuele misbruik nie.
- 47 (21.96%) deelnemers het 'n vae idee omtrent die impak van seksuele misbruik.
- 36 (16.82%) deelnemers het geen respons gegee nie.
- 77 (35.98%) deelnemers dra redelik kennis van die impak van seksuele misbruik en kon enkele impakte of gevolge van seksuele misbruik op 'n persoon noem.
- 31 (14.48%) deelnemers dra 'n goeie kennis van die impak van seksuele misbruik.

#### 8.1.9.5 Behoefte om meer te leer oor seksuele misbruik

Met die vraag: "Dink jy daar bestaan 'n behoefte by tieners om meer te leer van seksuele misbruik?", was die doel om vas te stel of die deelnemers dink daar bestaan 'n behoefte onder adolessente om meer te leer van seksuele misbruik.

- 132 (61.68%) deelnemers het "ja" beantwoord en is van mening dat daar 'n behoefte onder adolessente bestaan om meer te leer omtrent seksuele misbruik.
- 11 (5.14%) deelnemers het geen respons gehad nie.
- Sewe (3.27%) deelnemers was onseker.
- 64 (29.90%) deelnemers het "nee" geantwoord en is van mening dat daar nie 'n behoefte onder adolessente bestaan om meer te leer van seksuele misbruik nie. 52 (24.29%) van laasgenoemde deelnemers is van mening dat adolessente, alhoewel hulle dalk nie belangstel nie, wel met meer kennis rondom die onderwerp behoort voorsien te word. Hierdie deelnemers meen die meeste adolessente stel nie belang nie en 'gee nie om nie'. Dit kom na vore uit onder andere die volgende aanhalings:

- "I actually feel that the majority of teenagers are not concerned about this";
- "..most teenagers think they know it all";
- "..most teenagers really do not care";
- "No, teenagers are very ignorant to such things because they believe it will never happen to them".
- "Nee, maar ek sal sê ons moet ingelig word daaroor";
- "Tieners stel dalk nie daarin belang, maar ek dink dis noodsaaklik om tieners meer in te lig oor dit".

Stellings soos onder andere die volgende onderstreep die noodsaaklikheid van 'n bewusmakingsprogram in skole vir adolessente:

- "No, they enjoy having sex. With old men that are married and then they blame the men. It makes me angry!"
- "Nee, want baie tieners worry nie oor wat met hulle gaan gebeur in die toekoms nie".

Geen statisties betekenisvolle verskille is waargeneem tussen Goudrif Hoërskool en Dawnview High School nie.

Uit bogenoemde blyk dit dat daar wel die behoefte onder adolessente bestaan om meer te leer van seksuele misbruik.

Deelnemers is ook gevra om met 'n X aan te dui waarvan hulle meer sal wil leer. Die resultate kan soos volg in tabel vorm weergee word:

**Tabel 12: Onderwerpe waarvan adolessente graag meer van sal wil leer:**

| ONDERWERP | FREKWENSIE | PERSENT |
|---|---|---|
| **Die gevolge van seksuele misbruik indien dit nie aangemeld en hanteer word nie.** | 122 | 57.00% |
| **Hoe om seksuele misbruik aan te meld of te laat stop.** | 156 | 72.89% |
| **Die proses na aanmelding.** | 142 | 66.35% |
| **Gepaardgaande probleemgedrag en/of emosionele probleme.** | 92 | 42.99% |
| **Simptome en tekens van seksuele misbruik.** | 107 | 50% |
| **Die invloed van seksuele misbruik op 'n kind of tiener.** | 170 | 79.43% |

Deelnemers is gevra om ook te noem as daar nog enige iets is waarvan hulle graag sal wil leer rondom seksuele misbruik. Die volgende onderwerpe is genoem:

- 24 deelnemers wil graag weet hoekom doen mense dit aan kinders.

Uit verdere opmerkings soos: "Mense wat ander mense seksueel misbruik was dalk as kind self misbruik en kort hulp," het daar 'n duidelike behoefte onder die deelnemers na vore gekom om meer van die oortreder profiel te leer.

- Vyf deelnemers wil graag weet wanneer dit 'n seksuele oortreding is en wat presies dit is, m.a.w. die breër definisie en wetlike aspekte.
- "Sal dit jou hele lewe sal beskadig of nie?" m.a.w. meer oor die hulpverleningsproses en kanse op herstel of genesing. (Twee deelnemers sal graag meer hiervan wil leer).
- 13 deelnemers wil weet hoe hulle seksuele misbruik kan voorkom of jouself verdedig.
- Drie deelnemers wil weet hoe 'n kind beskerm kan word indien hy/sy dit aanmeld.
- Vier deelnemers wil weet waarom kinders bang is om daaroor te praat?
- Ses deelnemers wil weet waarom word kinders nie geglo met aanmelding van seksuele misbruik nie?
- Vyf deelnemers wil weet hoe kan 'n adolessent 'n ander persoon van hulp wees wat seksuele misbruik aan hulle openbaar: "Wat moet ek doen en wat moet ek nie doen nie?"
- Vyf deelnemers sal graag meer van seksueel oordraagbare siektes wil leer.
- Drie deelnemers wil graag weet wat die gevolge tot in volwassenheid is.
- Nege deelnemers wil graag weet wie kan jou help as so iets met jou gebeur.
- Ses deelnemers wil weet wat met die oortreders gebeur.
- Twee deelnemers het 'n behoefte aan meer kennis rondom die adolessensiefase en waarom seksuele misbruik so 'n groot impak op adolessente het.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die onderwerp nog lank nie versadig is nie en dat adolessente nog met heelwat onbeantwoorde vrae rondloop. Dit wil verder lyk of daar inderdaad 'n sterk behoefte aan 'n bewusmakingsprogram in skole bestaan wat bogenoemde kwessies kan aanspreek.

#### 8.1.9.6 Behoefte om deel te neem aan 'n bewusmakingsprogram by die skool

Die doel met die vraag: "Sal jy graag 'n bewusmakingsprogram oor seksueel misbruikte adolessente by die skool wil bywoon?", is om presies vas te stel hoeveel deelnemers daarin sou belangstel.

- 11 deelnemers het geen respons gehad nie.
- 163 deelnemers sal graag 'n bewusmakingsprogram wil bywoon. Hoofsaaklik om meer van die onderwerp te leer en om adolessente wat daardeur geraak word te kan help. Een deelnemer noem dat sy dit saam met 'n vriend sal wil bywoon.
- 40 deelnemers sal nie daarin belangstel om 'n bewusmakingsprogram by te woon nie. Nege van genoemde deelnemers dui aan dat die onderwerp hul ongemaklik laat voel. Twee van laasgenoemde deelnemers sal eerder verkies om 'n individuele inligtingsessie te ontvang. Die meerderheid deelnemers, nl. 29 wat nie belangstel in 'n bewusmakingsprogram nie is manlik.

## 8.2 Skedules voltooi deur vrywillige onderwysers

### 8.2.1 Studiepopulasie

Die resultate van die 10 skedules wat deur vrywillige onderwysers voltooi is, sal vervolgens bespreek word.

### 8.2.2 Geslag van deelnemers

Die meerderheid van hierdie groep deelnemers was vroulik,nl. ses (60%), terwyl vier (40%) manlik was.

### 8.2.3 Etniese groepe van deelnemers

**Tabel 13: Etniese groepe van deelnemers/onderwysers**

| ETNIESE GROEP | FREKWENSIE | PERSENT |
|---|---|---|
| **Wit** | 7 | 70% |
| **Kleurling** | 0 | 0% |
| **Sotho** | 0 | 0% |
| **Zulu** | 0 | 0% |
| **Xhosa** | 1 | 10% |
| **Ander** | 2 | 20% |

### 8.2.4 Huistaal van deelnemers

**Tabel 14: Huistaal van deelnemers/onderwysers**

| HUISTAAL | FREKWENSIE | PERSENT |
|---|---|---|
| **Afrikaans** | 6 | 60% |
| **Engels** | 3 | 30% |
| **Sotho** | 0 | 0% |
| **Zulu** | 0 | 0% |
| **Xhosa** | 1 | 10% |
| **Ander** | 0 | 0% |

### 8.2.5 Temas

Ses hooftemas, met subtemas, wat vanuit die skedules na vore gekom het, sluit aan by twee van die doelwitte wat vir die studie gestel was, naamlik: om by onderwysers vas te stel of daar 'n behoefte aan 'n bewusmakingsprogram vir seksueel misbruikte adolessente in hoërskole bestaan en om vanuit die navorsingsresultate aanbevelings te stel vir die ontwikkeling van 'n program wat in hul behoeftes sal voorsien. Literatuurkontrole word aangedui.

**Tabel 15: Temas en subtemas van skedules voltooi deur onderwysers**

| Temas | Subtemas |
|---|---|
| **Tema 1:** Adolessente se kennisbasis rakende seksuele misbruik | **Subtema 1:** Behoefte aan meer kennis rakende die 'grooming' proses. |
| | **Subtema 2:** Adolessente dra min kennis van die breër definisie van seksuele misbruik asook misbruikterme. |
| | **Subtema 3:** Tekort aan kennis omtrent die aanmeldingsproses. |
| **Tema 2:** Aanmelding en bespreking van seksuele misbruik | |
| **Tema 3:** Behoefte aan bewusmakingsprogram | **Subtema 1:** Maatskaplike werker of sielkundige beskikbaar na afloop van program vir die nodige hulpverlening. |
| | **Subtema 2:** Hantering van situasie en gevolge. |
| | **Subtema 3:** Spirituele leier |
| **Tema 4:** Behoefte aan beskerming van adolessente | **Subtema 1:** Struikelblok: Onderwysers beskik oor beperkte tyd (behoefte aan berader by skool). |
| | **Subtema 2:** Behoefte aan opvoeding van onderwysers. |
| **Tema 5:** Doeltreffende manier van bewusmaking | |
| **Tema 6:** Menings rondom bewusmakingsprogram by die skool | |

**8.2.5.1 Tema 1: Adolessente se kennisbasis rakende seksuele misbruik**

**8.2.5.1.1 Subtema 1: Behoefte aan meer kennis rakende die 'grooming'-proses.**

Slegs een onderwyser is van mening dat adolessente oor genoegsame kennis rondom seksuele misbruik beskik. 'n Ander is van mening dat daar veral 'n tekort aan inligting in landelike gebiede bestaan. Een onderwyser is van mening dat adolessente baie keer onbewus is van die gevare en metodes wat gebruik

word om die slagoffer se guns te wen. Inligting in hierdie verband kan beslis as 'n waardevolle voorkomingsmiddel vir adolessente dien.

Hierdie behoefte geïdentifiseer deur onderwysers stem ook ooreen met die behoefte geïdentifiseer deur adolesente om meer te leer omtrent die oortrederprofiel.

Van Dam (2003:43) sê die volgende in die verband:

Die samelewing verstaan nog nie molesteerders nie en die gemeenskap beheer ook nie hul gedrag akkuraat of voorspel gevaar korrek nie, soos gesien kan word in die toenemende aantal seksuele misbruik gevalle. Die gebruik van terme soos homoseksuele pedofiele, bloedskande-oortreders of geleentheids- versus roofsugtige oortreders (terminologie wat tans vir hierdie populasies gebruik word), dek nie die breëspektrumoortreders in seksuele dade wat gevind word in die samelewing nie. 'n Meer bruikbare generiese klassifikasiesisteem sal wees om hulle te katagoriseer as dié wat slagoffers nader eers na hul hulself in die guns bring van die gemeenskap en/of familie teenoor die wat onbekende slagoffers aanval. Met ander woorde "Groomers" en "Grabbers". Die rede vir hierdie onderskeid is dat die gedragspatrone en gewoontes van hierdie twee groepe verskil en dus verskillende voorkoming en intervensiestrategieë benodig. Om die modus operandi van enige geïdentifiseerde molesteerder te ken, is baie belangrik vir die voorkoming van seksuele misbruik van kinders, die verstaan van potensiële risiko en die ontwikkeling van toekomstige intervensiestrategieë.

#### 8.2.5.1.2 Subtema 2: Adolessente dra min kennis van die breër definisie van seksuele misbruik asook misbruikterme.

Hierdie behoefte aan kennis rondom die definisie van seksuele misbruik kom uit duidelik na vore vanuit die vraelyste voltooi deur adolessente (soos bespreek onder punt 8.1.9.1).

### 8.2.5.1.3 Subtema 3: Tekort aan kennis van die aanmeldingsproses.

Alaggia (2004:1222) het bevind dat die seksueel misbruikte kind hulleself in 'n kwesbare posisie bevind. In die kwesbare posisie weet die misbruikte kind nie waar, by wie en hoe om die misbruik aan te meld nie en ontwikkel hulle gevoelens van vrees. Daarmee saam is kinders nog nie volwasse genoeg om op hulle eie die misbruik aan te meld nie en beleef hulle gevoelens van magteloosheid.

Een onderwyser stel dit soos volg: "Their knowledge is limited and they may know they should talk to someone but they are not sure who they should talk to."

### 8.2.5.2 Tema 2: Aanmelding en bespreking van seksuele misbruik

Hierdie bevinding vanuit die onderwysers se skedules is weereens bevestigend van die vraelyste voltooi deur leerders, naamlik dat adolessente meestal onder mekaar oor seksuele misbruik sal gesels.

### 8.2.5.3 Tema 3: Behoefte aan bewusmakingsprogram

Al die onderwysers is van mening dat 'n bewusmakingsprogram in skole rakende seksuele misbruik 'n positiewe impak op adolessente mag hê.
Een onderwyser laat homself soos volg hieroor uit: "Ja, definitief! Ek dink enige bewusmakingsprogram deesdae in skole is absoluut noodsaaklik. Leerders word so blootgestel aan negatiewe aspekte, dat so iets hulle net op die regte pad kan bring / hou en sal 'n positiewe waarde t.o.v. hul toekoms inhou. Al raak jy net een!"

### 8.2.5.3.1 Subtema 1: Maatskaplike werker of sielkundige beskikbaar na afloop van program vir die nodige hulpverlening.

Een deelnemer voel sterk daaroor dat 'n maatskaplike werker of sielkundige beskikbaar gestel moet word vir leerder na afloop van die bewusmakingsprogram: "Ja, maar dit moet nie net bewusmaking wees nie. 'n Maatskaplike werker / sielkundige moet dan beskikbaar gestel word vir leerders wat wil praat oor die situasie".

Fouché (2006:217) maak die volgende stelling aangaandie die professionele persone wat met die seksueel misbruikte kind werk: "Child victims of sexual abuse have the right to be interviewed by a professional who has the knowledge (qualifications and appropriate training), skills (ability to communicate with children and to think critically) and attitude (objectivity, interest in working with children) required in the profession".

**8.2.5.3.2 Subtema 2: Hantering van situasie en gevolge.**

Onderwysers is van mening dat 'n bewusmakingsprogram vir leerders 'n riglyn behoort te voorsien omtrent hoe om te werk te gaan wanneer jy in 'n misbruiksituasie is asook wat die gevolge is. Een onderwyser sê die volgende: "Ja, ek dink hulle sal baat vind daarby want iemand moet vir hulle vertel wat die regte ding is om te doen wanneer dit gebeur, en ook vir hulle verduidelik wat die konsekwensies is van seksuele misbruik".

122 (57%) adolessente deelnemers het aangedui dat hulle graag van die gevolge van seksuele misbruik sal wil leer.

**8.2.5.3.4 Subtema 3: Spirituele leier**

Een onderwyser meen die benutting van spirituele leiers tydens 'n bewusmakingsprogram mag van hulp wees. Sy stel dit soos volg: "Yes. We need spiritual leaders etc. to be role models to them and to encourage virginity until marraige".

Die laagste aantal adolessente deelnemers, nl. 79 (36.91%) het egter aangedui dat hulle deur middel van 'n predikant meer bewus gemaak sal wil word van seksuele misbruik. Dit blyk dus nie 'n behoefte onder adolessente te wees om spirituele leiers of predikante by so 'n bewusmakingsprogram te betrek nie.

**8.2.5.4 Tema 4: Behoefte aan beskerming van adolessente**

Al tien onderwysers is van mening dat adolessente nie die nodige ondersteuning en hulp ontvang nie. Op die vraag: "Dink u daar word genoeg gedoen om kinders teen seksuele misbruik te beskerm?", antwoord een onderwyser soos

volg: "Nee, ek dink nie daar word genoeg gedoen nie, kinders moet meer ondersteuning kry". Daar bestaan dus 'n behoefte aan ondersteuning van adolessente wat deur seksuele misbruik geraak word. Die volgende twee subtemas is deur onderwysers geïdentifiseer as moontlike struikelblokke tot effektiewe hulpverlening aan adolessente:

**8.2.5.4.1 Subtema 1: Struikelblok: Onderwysers beskik oor beperkte tyd (behoefte aan berader by skool).**

Bogenoemde blyk duidelik vanuit die volgende stelling: "Nee, maar ek dink onderwysers kan nie, daar is net nie tyd nie!"

Een onderwyser stel 'n voltydse sielkundige by die skool voor om hierdie probleem te oorkom en om meer vir die leerders te kan doen om hulle te beskerm: "Ek dink daar kan meer gedoen word, deur bv. 'n sielkundige permanent by die skool te hê, sodat leerders wat gedragsveranderinge / punte wat daal / bang is vir hul ouers, ens. na haar/hom gestuur kan word om sulke gevalle op die manier op te spoor en dan te help."

'n Ander onderwyser maak die volgende voorstel: "...a "counselling day" every 2 weeks or once a month. Teachers as well as qualified counsellors should be present on that day. It should be at break and after school one day, for students to come and talk if they need to."

Op hierdie wyse sal die boodskap na leerders uitgestuur word dat hulle nie alleen is nie, maar dat die volwassenes in hul lewens omgee en beskikbaar is vir hulp aan hulle indien nodig.

**8.2.5.4.2 Subtema 2: Behoefte aan opvoeding van onderwysers.**

Dit blyk vanuit die skedules voltooi dat onderwysers oor beperkte kennis omtrent die hantering van so 'n situasie beskik, asook die wetlike aksies om te neem.

Een onderwyser erken die volgende in die verband: "No, I don't think so. As an educator, I know I don't know enough in terms of handling the situation legally and what is best in different cases of sexual abuse".

Dieselfde onderwyser laat haarself soos volg verder uit: "My view of awareness programs at school is that often, schools don't work together and teachers don't actively all work together to guide students with regards to sexual abuse. I would expect teachers to be educated and trained and given certain "curriculum" to go through in homeroom classes."

Louw (2000:26) meen die onderwyser se grootste probleem rakende die intervensie van seksuele misbruik, is die feit dat onderwysers nie opgelei is om seksuele misbruik te identifiseer, te hanteer en aan te meld nie.

### 8.2.5.5 Tema 5: Doeltreffende manier van bewusmaking

Onderwysers beveel die volgende aan vir 'n doeltreffende bewusmakingsprogram:

- Die program moet op 'n vlak aangebied word wat verstaanbaar is vir 'n adolessent.
- Die program moet deurlopend die adolessente se belangstelling behou.
- Die benutting van motiveringssprekers.
- Die skool kan dien as geskikte omgewing om so 'n program aan te bied.
- Die benutting van visuele metodes en media.
- Goeie beplanning en advertensie.
- "Kort en kragtig".
- Betekenisvol vir onderwysers: tekens en simptome vir identifisering van seksuele misbruik.
- Nie-diskriminerend en vertroulik.

### 8.2.5.6 Tema 6: Menings rondom bewusmakingsprogram by die skool

Al 10 (100%) onderwysers is ten gunste van die aanbieding van so 'n program in die skool. Twee onderwysers kan soos volg hieroor aangehaal word: "Ek is ten

volle vir dit!" en "Ek dink dit is 'n goeie idee en baie kinders kan daarby baat vind."

Een baie entoesiastiese onderwyser laat haarself soos volg hieroor uit: "It is encouraging and exciting that these questions are being asked so that we can move forward and develop a better way of dealing with such a common and yet, terrifying situation in so many children's/student's lives. Please include Dawnview High School in any developments of this program."

## 9. GEVOLGTREKKINGS

- Die studie het die noodsaak en behoefte aan 'n bewusmakingsprogram rakende seksuele misbruik aan adolessente bevestig.
- Adolessente beskik nie oorgenoegsame kennis rakende seksuele misbruik nie. Laasgenoemde kan tot gevolg hê dat hulle nooit hulp ontvang nie en vir jare die slagoffers daarvan bly.
- Die studie het verder die navorser se ervarings bevestig dat adolessente 'n behoefte het aan meer kennis rakende die onderwerp en belangstelling toon in 'n bewusmakingsprogram.
- Die studie het oortuigend aangetoon dat daar meer gedoen kan word, ook in skole, om adolessente teen seksuele misbruik te beskerm.
- 'n Verdere gevolgtrekking wat vanuit die studie gemaak kan word, is dat daar 'n behoefte onder onderwysers bestaan aan 'n bewusmakingsprogram rakende seksuele misbruik.
- Uit die studie blyk dit dat dit noodsaaklik geword het dat 'n deeglike bewusmakingsprogram aan adolessente, hul onderwysers en betekenisvolle ander, rakende seksuele misbruik gebied word.

## 10. AANBEVELINGS VIR DIE ONTWERP VAN 'N BEWUSMAKINGSPROGRAM VIR ADOLESSENTE RAKENDE SEKSUELE MISBRUIK

- Al word skole as 'n veilige omgewing vir die aanbieding van so 'n program beskou, behoort deelname aan so 'n program steeds vrywillig te wees. Die

program kan byvoorbeeld na skoolure aangebied word. Dit sal ook die probleem van onderwysers se beperkte tyd gedurende skoolure oorbrug.

- Adolessente moet voorberei word op die aanbieding van so 'n program d.m.v. plakkate en afkondigings. Op hierdie wyse sal hulle in staat wees om hulself emosioneel voor te berei asook oor genoegsame tyd beskik om te besluit of hulle wil deelneem. Goeie beplanning en advertensie is dus belangrik.

- Adolessente moet die keuse gegun word om 'n vriend, 'n broer of suster, 'n ouer of enige ander persoon saam te bring.

- Die geleentheid moet vir leerders gebied word om die inligting vervat in die program ook tydens 'n individuele sessie te kan ontvang, aangesien die behoefte ook bestaan aan individuele inligtingsessies.

- Individuele inligtingsessies kan moontlik ook geskep word vir leerders wat 'n behoefte aan inligting omtrent 'n onderwerp verlang waar min belangstelling is.

- Laasgenoemde is belangrik, aangesien adolessente se belangstelling konstant behou moet word. Indien die inhoud van die program die leerders verveel, sal dit die effektiwiteit van die program benadeel.

- Onderwerpe wat deur die twee groepe deelnemers as veral van belang beskou word asook waar 'n behoefte aan opvoeding bestaan is die volgende:
  - Die breër definisie van seksuele misbruik.
  - Die oortrederprofiel en metodes benut om die slagoffer se guns te wen – "grooming process".
  - Tekens en simptome van seksuele misbruik.
  - Gevolge van seksuele misbruik.
  - Hoe om seksuele misbruik aan te meld of te laat stop.
  - Die proses na aanmelding.
  - Die invloed van seksuele misbruik op 'n kind of tiener.

- Die program moet op 'n vlak aangebied word wat verstaanbaar is vir 'n adolessent.

- Belangstelling van leerders kan verder behou word deur die benutting van motiveringssprekers, visuele metodes en media.

- Die program moet "kort en kragtig" wees.

- Die program behoort onderwysers te betrek. Aparte inligtingsessies aan onderwysers waarin die volgende onderwerpe gedek word: tekens en simptome vir identifisering van seksuele misbruik, hantering van 'n aanmelding en wetlike prosedures. Uitdeelstukke vir benutting moet aan onderwysers voorsien word.

- Onderwysers kan aangemoedig word om die inligting te benut en ter volhoubaarheid van die program dit tydens registerperiodes met leerders te bespreek ten einde enige nuwe aanmeldings en hulpverlening aan te moedig.

- Die program moet op geen stadium diskriminerend van aard wees nie.

- Vertroulikheid (konfidensialiteit) moet te alle tye gehandhaaf word.

- 'n Maatskaplike werker of sielkundige moet aan die skool beskikbaar gestel word vir die nodige hulpverlening na afloop van 'n program rakende seksuele misbruik.

- Ouers behoort ook by werkswinkels betrek te word en aangemoedig te word om met hul kinders oor die onderwerp te praat. Dieselfde onderwerpe wat met adolessente bespreek word, behoort tydens hierdie werkswinkels aangeraak word.

## 11. AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN VERDERE NAVORSING

- Verdere navorsing kan gedoen word om uit te vind of adolessente regtig weet wat seksuele misbruik alles behels, veral rondom die breër definisie van die term.
- Weens die omvattende aard van die studie is nog verdere navorsing nodig om 'n doeltreffende bewusmakingsprogram te ontwerp.
- Daar word aanbeveel dat die studie op 'n groter populasie herhaal word. Omdat daar nie van 'n ewekansige steekproef gebruik gemaak is nie, kan data nie veralgemeen word na 'n groter populasie nie.
- Na aanleiding van die statistiese betekenisvolle verskille wat die studie tussen wit en swart deelnemers uitgewys het, is verdere studie nodig oor die moontlike verskil in kennis, belewing, bespreking en aanmelding van seksuele misbruik tussen wit en swart adolessente.
- Nadere ondersoek kan ingestel word oor hoe dit vir onderwysers makliker gemaak kan word om seksuele misbruik te identifiseer en 'n aanmelding te hanteer.
- Daar word aanbeveel dat die noodsaaklikheid van 'n bewusmakingsprogram vir onderwysers rakende seksuele misbruik verder ondersoek word.
- Daar word verder aanbeveel dat die noodsaaklikheid van 'n bewusmakingsprogram vir ouers rakende seksuele misbruik verder ondersoek word.

## 12. SAMEVATTING

Die doel van die studie was om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die noodsaaklikheid van 'n bewusmakingsprogram rakende seksuele misbruik aan adolessente te ondersoek asook aanbevelings aan die hand te doen t.o.v. die ontwerp van so 'n program.

Die studie het bevind dat daar wel 'n behoefte aan 'n bewusmakingsprogram aan seksueel misbruikte adolessente bestaan. Die studie het verder bevind dat daar ook die behoefte aan 'n bewusmakingsprogram en/of inligtingsessies rakende seksuele misbruik aan onderwysers en ouers bestaan.

Aanbevelings vir die ontwerp van 'n effektiewe bewusmakingsprogram aan adolessente is vanuit die studie geformuleer. Verdere navorsing is egter nodig, veral ten opsigte van die noodsaaklikheid van 'n bewusmakingsprogram aan en/of die betrekking van onderwysers en ouers by so 'n program.

Moontlike probleemareas is vanuit die studie geïdentifiseer in die aanbieding van so 'n program en aanbevelings gedoen poog verder om hierdie probleemareas aan te spreek.

**13. BRONNELYS**


ALAGGIA, R. 2004. Many ways of telling: expanding conceptualizations of child sexual abuse disclosure. *Child abuse & neglect,* 28(11):1213-1227.

ANON. 2002. Can social marketing be used to prevent child sexual abuse: involving public, private and community partners to evaluate effectiveness? (130th Annual Meeting of APHA held at Philadelphia, Pa. on 11 Nov. 2002. http://apha.confex.com/apha/130am/techprogram/paper_42705.htm Date of access: 19 Maart 2010.

BABBIE, E. 2001. The practice of social research. London: Wadsworth.

BABBIE, E. 2004. The practice of social research, 10th ed. Belmont: Wadsworth/Thomson Learning.

BAILEY, K.D. 2004. Methods of social research, 4th ed. New York: Free Press.

BANDI, G.T. 2003. The relationship between the quality of parenting skills and the vulnerability of teenagers to sexual abuse. http://www.epetd.up.ac.za/-thesis/available/etd-10222004-073338. Datum van gebruik: 18 June 2010.

BOEHM, A. & ITZHAKY, H. 2004. The social marketing approach: a way to increase reporting and treatment of sexual assault. *Child abuse and neglect,* 28(3):253-265.

COLLINGS, S., GRIFFITHS, S. & KUMALO, M. 2005. Patterns of disclosure in sexual abuse. *South African journal of psychology*, 35(2):270-285.

CRESWELL, J.W. 2003. Research design: qualitative, quantitative and mixed method approaches. London: Sage.

CRESWELL, J.W. 2009. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. University of Nebraska: Lincoln.

DE VOS, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. *(In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* 2002. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 341-363.)

DE VOS, A.S. 2005. Combined quantitative and qualitative approach. *(In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* 2005. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 357-366.)

DELPORT, C.S.L. 2005. Quantitative data-collection methods. *(In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 159-191.)

FALLER, K. 2003. Understanding and assessing child sexual maltreatment. 2nd ed. Thousand Oaks: Sage Publications.

FERRARA, F.F. 2002. Childhood sexual abuse. Developmental effects across the lifespan. Canada: Brooks/Cole.

FINKELHOR, D. & BROWNE, A. 1985. The traumatic impact of child sexual abuse. *From American Journal of Orthopsychiatry,* 55(4):23-30, October.

FINKELHOR, D., WOLAK, J. & BERLINER, L. 2001. Police reporting and professional help seeking for child crime victims: a review. *Child maltreatment,* 6(1):17-30.

FOUCHE, A. 2006. Assessement of the sexually abused child. *(In* Spies, G.M., ed. Sexual abuse: dynamics, assessment and healing. Pretoria: Van Schaik. p. 217-225.)

FOUCHE, C.B. & DE VOS, A.S. 2005. Problem formulation. *(In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 100-110.)

FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 73-74.)

GLASER, D. & FROSH, S. 1993. Child sexual abuse. 2nd ed. Great Britain: The Macmillan Press Ltd.

GREEFF, M. 2005. Information collection: interviewing. *(In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 286-313.)

KARSON, M. 2001. Patterns of child abuse. New York: The Haworth Maltreatment and Trauma Press.

KRAISER, S.S., WITTE, S. & FRYER, G.E. "Child Sexual Abuse Prevention Programs: What Makes Them Effective in Protecting Teenagers?" Teenagers Today (September-October 1989): 23-27.

LOTTER, E. 2008. Dis ek, Anna. Tafelberg: NB-Uitgewers.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 2004. Menslike ontwikkeling. 3e Uitgawe. Kaap: CTP Boekdrukkers.

LOUW, N. 2000. Child sexual abuse: an educational perspective on its prevention, intervention in cases, and care and support of victims. *Carsa,* 1(2):24-30.

LUMSDEN, L.S. "The role of Schools in sexual abuse prevention and intervention." ERIG Digest 61, 1 (May 1991): 1-5.

MASHABANE, P. 2010. Sex case teens hear fate today. *The Citizen:* 6,1 Des.

MEEL, B.L. 2008. Trends of rape in the Mthatha area, Eastern Cape, South Africa. South Africa. *South Africa farm practice,* 50(1):69a.

MITCHELL, M. & JOLLEY, J. 2001. Research design explained. New York: Harcourt College Publishers.

MONETTE, D.R., SULLIVAN, T.J. & DE JONG, C.R. 2005. Applied social research: a tool for the human services. London: Thomson Brooks/Cole.

NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods: qualitative and quantitative approaches, 3rd ed. Boston: Allyn & Bacon.

NEUMAN, W.L. 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn & Bacon.

RUSSEL, D.E.H. 1983. The incidence and prevalence of intrafamilial and extrafamilial sexual abuse of female teenagers. *Child abuse & neglect,* 7:133-146.

RUBIN, A. & BABBIE, E.R. 2005. Research methods for social work. London: Thomson Brooks/Cole.

STRYDOM, H. 2002. Information collection: participant observation. (*In* De Vos, A.S., Delport, C.S.L. & Fouché, C.B., *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p.63-73.)

STRYDOM, H. 2005a. Sampling and sampling methods. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 201-204.)

STRYDOM, H. 2005b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. *(In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Delport, C.S.L., *eds.* 2005. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 56-70.)

STRYDOM, H. & DELPORT, C.S.L. 2005. Sampling and pilot study in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Delport, C.S.L., *eds.* 2005. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. 330 p.)

SUID-AFRIKA. 2007. Wysigingswet op die strafreg (seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede, Wet 32). Pretoria: Staatsdrukker.

VAN DAM, C. 2003. The socially skilled child molester: Differentiating the guilty from the falsely accused. Thousand Oaks: Sage Publishers.

WEYERS, M.L. 2001. The theory and practice of community work: a South African perspective. Potchefstroom: Keurkopie.

WIELAND, S. 2003. Hearing the internal trauma: working with teenagers and adolescents who have been sexually abused. Thousand Oaks: Sage Publishers.

## 14. ADDENDUMS

ADDENDUM A

**VRAELYS ADOLESSENTE**

**Afdeling 1: Identifiserende besonderhede van deelnemer**

**Maak asseblief 'n kruisie in die toepaslike blokkie:**

1. Geslag:

| Manlik | Vroulik |
|---|---|
| | |

2. Huistaal:

| Afrikaans | Engels | Sotho | Zulu | Xhosa | Ander |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

3. Kultuurgroep:

| Wit | Sotho | Zulu | Indiër | Kleurling | Ander |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

**Afdeling 2: Menings rakende seksuele misbruik**

**Dui asseblief jou antwoord met 'n kruisie aan:**

| | VRAE | JA | ONSEKER | NEE |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Dink jy tieners weet wat seksuele misbruik is? | | | |
| 2. | Dink jy tieners word soms seksueel misbruik sonder dat hulle dit besef? | | | |
| 3. | Dink jy tieners word blootgestel aan seksuele misbruik? | | | |
| 4. | Dink jy tieners praat oor seksuele misbruik? | | | |
| 5. | Dink jy tieners sal iemand vertel as hulle seksueel misbruik word? | | | |
| 6. | Dink jy tieners is bang dat niemand hulle sal | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | glo nie? | | | |
| 7. | Dink jy tieners is bang vir die gevolge as hulle vir iemand sou vertel? | | | |
| 8. | Dink jy tieners voel soms dat dit wat met hulle gebeur 'normaal' is of deel van die 'grootword proses'? | | | |
| 9. | Dink jy tieners weet wat die impak van seksuele misbruik op die slagoffer is? | | | |
| 10. | Dink jy tieners weet genoeg omtrent seksuele misbruik? | | | |
| 11. | Dink jy dat ouers genoeg doen om tieners teen seksuele misbruik te beskerm soos om met hulle daaroor te praat? | | | |
| 12. | Dink jy daar word genoeg in skole gedoen om tieners teen seksuele misbruik te beskerm? | | | |
| 13. | Dink jy dat tieners wat seksueel misbruik word die nodige hulp kry wat hulle verdien? | | | |
| 14. | Sal jy graag meer wil leer van seksuele misbruik van tieners? | | | |
| 15. | Dink jy tieners sal baatvind by 'n bewusmakingsprogram oor sekuele misbruik in skole? | | | |

**Afdeling 3: Deur watter medium sal jy graag bewus gemaak wil word van seksuele misbruik:**

**Jy kan soveel kies as wat jy wil. Merk jou keuses met 'n X.**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | My ouer | |
| 2. | Familielid | |
| 3. | Onderwyser | |
| 4. | Predikant | |
| 5. | Polisiebeampte | |
| 6. | Bewusmakingsprogram by die skool | |
| 7. | Maatskaplike werker | |

| | | |
|---|---|---|
| 8. | Boeke | |
| 9. | Tydskrifte | |
| 10. | Televisie | |
| 11. | Radio | |
| 12. | Internet | |
| 13. | Ander (spesifiseer) | |

**Afdeling 4: Kennis van seksuele misbruik en die behoefte aan 'n bewusmakingsprogram in skole.**

**Vraag 1:**

**Verduidelik wat jy onder seksuele misbruik van tieners verstaan?**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Vraag 2:**

**Weet jy van iemand wat seksueel misbruik was/word?**

______________________________________________

______________________________________________

**Het die persoon vir enige iemand vertel en vir wie?**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Vraag 3:**

**Dink jy tieners is genoeg ingelig oor seksuele misbruik? Motiveer.**

______________________________________________

______________________________________________

**<u>Vraag 4:</u>**

**Watter impak dink jy het kindertydse seksuele misbruik op 'n persoon? Beskryf asseblief so volledig moontlik.**

**<u>Vraag 5:</u>**

**Dink jy daar bestaan 'n behoefte by tieners om meer te leer van seksuele misbruik?**

**Dui met 'n kruisie aan waaroor jy graag meer sal wil leer:**

| | |
|---|---|
| **Die gevolge van seksuele misbruik indien dit nie aangemeld word nie.** | |
| **Hoe om seksuele misbruik aan te meld of te laat stop?** | |
| **Die proses na aanmelding?** | |
| **Gepaardgaande probleemgedrag en/of emosionele probleme.** | |
| **Simptome en tekens van seksuele misbruik.** | |
| **Die invloed van seksuele misbruik op 'n kind of tiener.** | |

**Kan jy aan nog iets dink omtrent seksuele misbruik waarvan jy graag meer sal wil leer?**

**Vraag 6:**

**Het jy enige verdere opmerkings oor seksuele misbruik?**

**Vraag 7:**

**Sal jy graag 'n bewusmakingsprogram oor seksueel misbruikte tieners by die skool wil bywoon? Motiveer.**

ADDENDUM B

**QUESTIONNAIRE TO ADOLESCENTS**

**Section 1: Identifying details of participant**

**Please make a cross over the applicable detail:**

1. Gender:

| Male | Female |
|---|---|
| | |

2. Home language:

| Afrikaans | English | Sotho | Zulu | Xhosa | Other |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

3. Cultural group:

| White | Sotho | Zulu | Xhosa | Coloured | Other |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

**Section 2: Opinions of sexual abuse**

**Indicate your answer with a cross:**

| | QUESTIONS | YES | UNCERTAIN | NO |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Do you think teenagers know what sexual abuse is? | | | |
| 2. | Do you think teenagers are sometimes exposed to sexual abuse without them realising it? | | | |
| 3. | Do you think teenagers are exposed to sexual abuse? | | | |
| 4. | Do you think teenagers talk about sexual abuse? | | | |
| 5. | Do you think teenagers will tell someone if they are exposed to sexual abuse? | | | |
| 6. | Do you think teenagers are scared that no one will believe them? | | | |
| 7. | Do you think teenagers are afraid of the | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | consequences should they tell anyone about the abuse? | | | |
| 8. | Do you think teenagers sometimes feel that the abuse is 'normal' and part of the growing up process? | | | |
| 9. | Do you think teenagers know what the impact of sexual abuse on the victim is? | | | |
| 10. | Do you think know enough about sexual abuse? | | | |
| 11. | Do you think parents are doing enough to protect their teenagers against sexual abuse like talking about it? | | | |
| 12. | Do you think enough is being done in Schools to protect teenagers against sexual abuse? | | | |
| 13. | Do you think teenagers who are sexually abused receive the necessary help? | | | |
| 14. | Would you like to learn more about child sexual abuse? | | | |
| 15. | Do you think teenagers will benefit from an awareness program in Schools about sexual abuse? | | | |

**<u>Section 3: Through which medium would you prefer to be made more aware of sexual abuse:</u>**

**You can indicate as many as you like. Indicate your choices with a X.**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | My parent | |
| 2. | Family member | |
| 3. | Teacher | |
| 4. | Pastor/Priest/Minister | |
| 5. | Police officer | |
| 6. | Awareness program at School | |
| 7. | Social worker | |
| 8. | Books | |
| 9. | Articles | |
| 10. | Television | |

| | | |
|---|---|---|
| 11. | Radio | |
| 12. | Internet | |
| 13. | Other (specify) | |

**<u>Section 4: Knowledge of sexual abuse and the need for an awareness program in Schools.</u>**

**<u>Question 1:</u>**

**Explain what you understand under sexual abuse of teenagers?**

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

**<u>Question 2:</u>**

**Do you know someone that was sexually abused or who is still being abused?**

____________________________________________

____________________________________________

**Did that person tell anyone and who?**

____________________________________________

____________________________________________

**<u>Question 3:</u>**

**Do you think teenagers are informed enough about sexual abuse? Explain.**

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

**<u>Question 4:</u>**

**What impact do you think sexual abuse has on a person? Please describe in detail.**

Question 5:

**Do you think teenagers feel the need to learn more about sexual abuse?**

**Indicate with a cross what you would like to learn more of:**

| | |
|---|---|
| **The impact on a victim if the necessary help is not received.** | |
| **How to disclose or make the abuse stop?** | |
| **The process of disclosure?** | |
| **Occompanying problem behaviour and/or emotional difficulties.** | |
| **Symptoms and signs of sexual abuse.** | |
| **The influence of child sexual abuse on a child or teenager.** | |

**Can you think of anything else about sexual abuse that you would like to learn more about?**

Question 6:

**Do you have any other comments about sexual abuse of teenagers?**

**Question 7:**

**Would you be interested in taking part in an awareness program regarding sexual abuse against teenagers? Motivate.**

ADDENDUM C

**SKEDULE VIR VOLTOOIING DEUR ONDERWYSERS**

**Afdeling 1: Identifiserende besonderhede**

**Kies asseblief die regte keuse:**

Geslag:

| Manlik | Vroulik |
|---|---|
| | |

Huistaal:

| Afrikaans | Engels | Sotho | Zulu | Xhosa | Ander |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

Etniese groep:

| Wit | Sotho | Zulu | Xhosa | Kleurling | Ander |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

**Afdeling 2: Vrae**

| | |
|---|---|
| Vraag 1 | Beskryf u ervaring ten opsigte van adolessente se kennisbasis rakende seksuele misbruik. Sou u sê adolessente beskik oor genoegsame kennis van seksuele misbruik? |
| Vraag 2 | Dink u seksuele misbruik is 'n onderwerp wat bespreek word onder adolessente? |
| Vraag 3 | Dink u adolessente sal vir iemand vertel as hulle seksueel misbruik word en vir wie? |
| Vraag 4 | Dink u adolessente sal baatvind by 'n bewusmakingsprogram omtrent seksuele misbruik? Sal dit byvoorbeeld vir hul enige waarde inhou t.o.v. hul selfbeeld, gedrag, toekoms ens. Verduidelik asseblief. |
| Vraag 5 | Dink u daar word genoeg gedoen om tieners teen seksuele misbruik te beskerm? |
| Vraag 6 | Wat dink u sal 'n doeltreffende manier wees om die tieners meer bewus te maak van seksuele misbruik en maniere om dit aan te meld? |
| Vraag 7 | Wat is u mening oor 'n bewusmakingsprogram by die skool? Wat sal u van so 'n program verwag? |
| Vraag 8 | Het u enige verdere opmerkings oor die seksuele misbruik van adolessente? |

ADDENDUM D

**SCHEDULES FOR COMPLETION BY GRADE 10 TEACHERS.**

## Section 1: Identifying particulars

**Please tick the correct choice:**

Gender:

| Male | Female |
|---|---|
| | |

Language:

| Afrikaans | English | Sotho | Zulu | Xhosa | Other |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

Cultural group:

| White | Sotho | Zulu | Xhosa | Coloured | Other |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

## Section 2: Questions

**Please answer the following questions on a separate sheet of paper:**

| | |
|---|---|
| Question 1 | Please describe your experience with regard to adolescent's knowledge of sexual abuse. Would you say that adolescents are informed enough about sexual abuse? |
| Question 2 | Do you think sexual abuse is a subject of discussion amongst adolescents? |
| Question 3 | Do you think adolescents will tell someone when they are being sexually abused? Who would they tell? |
| Question 4 | Do you think adolescents might benefit from an awareness program about sexual abuse? Would it for instance enhance their self esteem, behaviour, future etc.? Please explain. |

| | |
|---|---|
| Question 5 | Do you think enough is being done to protect children and adolescents from sexual abuse? |
| Question 6 | What do you think will be a good or effective way of making adolescents aware of sexual abuse and how to handle it? |
| Question 7 | What is your view or opinion about an awareness program at school? What would your expectations about such a program be? |
| Question 8 | Do you have any more comments about sexual abuse of children and adolescents? |

**Tel.** 018-294-7248
**E-pos:** men@mweb.co.za

# FAKTUUR - INVOICE

No.: 2011/03
Datum/Date 25/04//2011

DIENS GELEWER DEUR:
SERVICE RENDERED BY:

**Prof. HD Nelson,** 4 Michael Villa,3 Michael Avenue , Potchefstroom, 2531

DIENS GELEWER AAN:
SERVICE RENDERED TO:

**Melanie Meyer**

| **QUANTITY/ HOEVEELHEID** | **BESKRYWING/ DESCRIPTION** | **TARIFF/ TARIEF** | **AMOUNT/ BEDRAG** |
|---|---|---|---|
| 57 bls | Verhandeling taalkundig versorg | R18 per bls. | R1026 |
| | | | |
| | | Afronding | -R26 |
| | | | |
| | | | |
| | **Elektroniese inbetaling/ electronic deposit** | | |
| | HD Nelson, ABSA,<br>Tomstraat/Street Potchefstroom<br>rek./acc. No. 670 258 084<br>takkode/branch code 335-138 | | |
| **Totaal**<br>**Total** | | | **R1000.00** |

NIE GEREGISTREERDE ONDERNEMER VIR BTW-DOELEINDES NIE
NOT REGISTERED VENDOR FOR VAT PURPOSES